

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING TOT DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Die kleuter se ontwikkeling word beïnvloed deur faktore soos die kwaliteit van sy voeding, sosiale invloede en emosionele faktore. Sy ontwikkeling hang saam met die mate waarin volwassenes en in die besonder sy ouers, vir <sup>1</sup>hom 'n veilige en geborge ruimte of tuiste kan skep vanwaar hy die vreemde wêreld kan eksploreer (Vergelyk Kruger & Du Toit, 1991:8 en Kitching, 2000:14). Die skrywer Rutter (soos aangehaal deur Hayes, 1993:6) sluit hierby aan deur te noem dat die behoeftes van kinders saamgevat kan word in twee aspekte, naamlik dat die kind geleentheid sal hê om verhoudings met volwassenes op te bou en tweedens dat die kind se ruimte of tuiste redelik spanningvry moet wees deurdat verhoudings warm en vriendelik is.

Bogenoemde menings word verder versterk deur Cowan & McHale (soos aangehaal deur Vasta, Haith & Miller, 1999:475) wat noem dat die vroeë sosiale ontwikkeling van kleuters sterk beïnvloed word deur ouers se houding en gewoontes in die opvoeding van hul kinders.

Die navorser is van mening dat die veilige, geborge en spanningvrye ruimte of tuiste soos deur bogenoemde skrywers uitgewys, aspekte insluit soos onder andere: positiewe kommunikasie tussen ouer en kleuter, begrip vir die kleuter se ontwikkelingsfase en die opbou van die kleuter se selfagting.

Aangesien die kleuterjare belangrike vormingsjare vir die kind is, kan dit van waarde wees indien ouers van kleuters deur middel van 'n Gestaltbegeleidingsprogram bemagtig kan word sodat hulle kan bydra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuters.

---

<sup>1</sup>Daar sal deurgaans, ten einde omslagtigheid te vermy, die manlike voornaamwoorde (hy/hom) gebruik word om na albei geslagte te verwys.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP EN PROBLEEMFORMULERING

In die navorsing se professionele kontak met ouers is waargeneem dat hulle 'n oningeligtheid rondom hul kleuter se unieke ontwikkelingsfase openbaar. Die rede hiervoor mag geleë wees in die feit dat ouerskap nie 'n natuurlike vaardigheid is nie maar 'n komplekse een waarvoor min of geen opleiding gegee word nie (Humphreys, 2002: xii). Volgens Kaiser & Hancock (2003:1) bestaan daar oor die afgelope 30 jaar bewyse dat effektiewe resultate verkry word indien ouers sekere strategieë aanleer om hul kind se ontwikkeling te ondersteun. Daar is gevind dat hierdie oueropleiding effektief was in die verandering van ouers én kinders se gedrag. Volgens Oaklander (1978:182) kan die opvoeding van ouers oor hoe om met hul kinders te kommunikeer deur middel van ouerbegeleidingsprogramme soos die *Parent Effectiveness Training*, potensiële probleemsituasies voorkom maar ook verbeter.

Die navorsing is van mening dat, indien ouers oor kennis en vaardighede beskik, dit mag bydra tot 'n positiewe selfagting by hul kleuter(s). Dit word gestaaf deur Drescher (1989:20) wat noem dat die kind, as gevolg van persepsies en ondervinding in sy vroegste jare, homself in later jare óf sal sien as 'n verantwoordelike persoon met sekere basiese lewensregte, óf as 'n onbeduidende wese wat verskoning moet vra dat hy lewe. Hierdie mening word deur Louw (1990:388) bevestig wanneer hy verwys na studies van Coopersmith wat gedoen is oor die selfkonsep en veral selfagting van kinders. Hieruit blyk dit onder andere dat die wyse waarop kinders deur volwassenes - veral ouers - behandel word, 'n belangrike rol in die ontwikkeling van hul selfagting gespeel het. Die navorsing stem saam met bogenoemde skrywers, aangesien 'n kind se gesin, spesifiek sy ouers, 'n belangrike rol in sy totale ontwikkeling speel.

Weens ervaring wat die navorsing in die praktyk beleef het, is die navorsing van mening dat:

- ouers onkundig is rondom hul kleuter se unieke ontwikkelingsfase;
- hierdie onkunde tot onrealistiese verwagtinge asook 'n gebrek aan begrip vir hul kleuter se optrede of gedrag mag lei;

- bogenoemde onkunde selfs aanleiding mag gee tot die foutiewe toepassing van dissipline;
- bogenoemde aspekte daartoe mag lei dat die kind se ontwikkeling ingeperk en negatief beïnvloed word.

Vanuit bogenoemde skrywers se sienings en die navorser se praktykervaring blyk dit dat 'n begeleidingsprogram aan ouers daartoe mag bydra om optimale ontwikkeling by hul kleuters te bevorder. Die Gestaltbenadering word as basis gebruik, aangesien dit 'n fenomenologies-eksistensiële perspektief is wat samevloeiing tussen die mens en sy omgewing impliseer (Yontef, 1993:2).

In die lig van bogenoemde motivering vir die keuse van die onderwerp, kan die volgende probleemformulering uitgelig word, naamlik dat ouers onkundig is oor hul kleuter se unieke ontwikkelingsfase wat op sy beurt mag aanleiding gee tot afbrekende ouerskapmetodes.

### **1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE**

Volgens Fouché (2002:107) tref sommige skrywers 'n onderskeid tussen die terme doelstelling en doelwit, terwyl ander dit weer as sinoniem met mekaar beskou. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek stem die navorser saam met Fouché (2002:107) se interpretasie van bogenoemde terme, naamlik dat 'n doelstelling gesien word as die groter doel wat bereik wil word, terwyl die doelwit gesien word as die aksies of stappe wat geneem moet word om die groter doel te bereik.

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers daar te stel sodat hulle toegerus kan word om by te dra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s).

Ten einde die bogenoemde doelstelling te bereik word die volgende doelwitte gestel:

- om 'n literatuurstudie te doen ten einde die kleuter, sy ontwikkeling en die

Gestaltbenadering te verken;

- om ouers se ouerskapstyl asook hul behoeftes rondom die hantering van hul kleuterkind te verken deur middel van vraelyste;
- om 'n begeleidingsprogram vir ouers daar te stel om optimale ontwikkeling van hul kleuter(s) te bevorder;
- om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

#### **1.4 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE**

'n Navorsingsvraag word deur Motshumi & Botha (1991:20) beskryf as 'n vraag wat vanuit 'n doel geformuleer word.

Vir die doel van hierdie ondersoek word die volgende navorsingsvraag gestel: Watter komponente of aspekte moet in 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers vervat word ten einde 'n bydrae tot die optimale ontwikkeling by kleuters te lewer?

#### **1.5 SOORT NAVORSING**

Volgens Babbie (1998:80) kan navorsing verkennend, beskrywend of verduidelikend van aard wees. Verkennende navorsing word gebruik wanneer die navorser 'n nuwe belangstelling ondersoek of waar die onderwerp van die ondersoek relatief nuut is. Fase 1 en 2 van hierdie ondersoek is verkennend van aard.

Wetenskaplike navorsing word deur Smit (1993:3) omskryf as 'n kritiese en doelgerigte handeling, wat die versameling van data en nuwe feite as doel het en ook die korrekte en standhoudende interpretasie daarvan nastreef. Dit het verder ten doel om bestaande uitgangspunte of teorieë in die lig van nuut verkreeë kennis te herevalueer en te herinterpreteer. Hierdie skrywer meld dat navorsing basies, toegepas of program-evaluerend kan wees.

Volgens Smit (1993:4) word toegepaste navorsing gegeneer deur die praktiese nut daarvan. Dit is 'n stelselmatige navorsing om kennis uit te brei, met die klem op die praktiese waarde/toepassing daarvan. Dit behels die praktiese implementering van navorsingsbevindings. Fase 3 en 4 word as toegepaste navorsing beskou, omrede die Gestaltbegeleidingsprogram prakties benut kan word om as oerleidingsprogram te dien.

## 1.6 NAVORSINGSTRATEGIE

Twee benaderings tot navorsing kan gebruik word, naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings (Fouché & De Vos, 1998:71). Mouton & Marais (soos aangehaal deur Fouché & De Vos, 1998:71) onderskei die eienskappe van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings soos volg:

- *The quantitative approach is more highly formalised as well as more explicitly controlled .*
- *Its range is more exactly defined (than the qualitative approach) .*
- *It is relatively close to the physical sciences .*
- *The qualitative research procedures are not as strictly formalised as in quantitative research .*
- *The scope is more likely to be undefined .*
- *A more philosophical mode of operation is adopted .*

Die skrywer Creswell (soos aangehaal deur De Vos *et al.*, 2002:365) onderskei drie modelle vir die kombinerings van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings.

Die model wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, is die dominant-minder-dominante model. In hierdie tipe benadering gebruik die navorser 'n enkel, dominante paradigma en maak vir 'n klein komponent van die oorhoofse ondersoek gebruik van die alternatiewe paradigma. In hierdie ondersoek het die navorser dominant-kwalitatief gewerk

met 'n klein komponent uit die kwantitatiewe benadering (Creswell, soos aangehaal deur De Vos *et al.*, 2002:365).

Bykomend tot hierdie modelle van Creswell, bestaan daar drie verdere modelle vir die kombinerings van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings. Die intervensiemodel van Thomas en Rothman is gekies aangesien dit vir die doeleindes van hierdie ondersoek die beste aangewend kan word. Die oorsprong van hierdie model is geleë in die integrering van twee voorheen bekende modelle van ontwikkelingsnavorsing (De Vos, 1998:384). Die intervensiemodel sal vervolgens bespreek word.

## **1.7 NAVORSINGPROSEDURE EN WERKWYSE**

Die intervensiemodel onderskei (Rothman & Thomas, soos aangehaal deur De Vos, 1998:385) ses fases en elke fase bestaan uit afsonderlike stappe. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek het die navorser tot en met die eerste stap van Fase 4 beweeg. Die navorser het die volgende werkswyse gevolg:

### **FASE 1: PROBLEEMANALISE EN PROJEKBEPLANNING**

#### **Stap 1:** Identifiseer kliënte en betrek hulle

Volgens De Vos (1998:387) behels hierdie stap die selektering van 'n populasie wie se kwelpunte aktueel vir hulself, navorsers en die samelewing is. In hierdie studie het die navorser gefokus op ouers wie se kleuters versorgingsoorde bywoon. Sien ook 1.8.4 oor die wyse waarop die steekproef geneem is.

**Stap 2:** Verkry toegang en samewerking van die organisasie/subkultuur of die kliëntsisteem  
Die navorser het bestuurders of hoofde van versorgingsoorde genader om toegang tot ouers van kleuters te bekom. Hulle is ook gebruik om die vraelyste (Bylaag 1) aan ouers te verskaf en dit terug te ontvang.

### **Stap 3:** Identifiseer behoeftes en menings van die populasie

Volgens Rothman & Thomas (soos aangehaal deur De Vos, 1998:389) behels hierdie stap dat die navorser 'n poging moet aanwend om die kwelpunte wat die populasie as belangrik beskou, te verstaan. Dit kan onder andere deur middel van vraelyste bereik word. Die navorser het in hierdie studie gebruik gemaak van 'n eenmalige vraelys wat deur ouers van kleuters voltooi is. Die doel van die vraelys was om ouers se houding teenoor aspekte soos kommunikasie met hul kleuter asook hul dissipline-styl te bepaal. Die vraelys is ook benut om die behoeftes van ouers van kleuters te bepaal. Die vraelys het onder andere 'n oop vraag bevat wat 'n aanduiding was van watter gedrag van die kleuter vir die ouers moeilik is om te begryp. Sien 1.8.3 in verband met die vraelys/meetinstrument.

### **Stap 4:** Analiseer geïdentifiseerde probleme

Volgens Rothman & Thomas (soos aangehaal deur De Vos, 1998:389) word die omstandighede wat persone as probleme beskou, geanaliseer deur sekere vrae te vra. Hierdie stap word gekoppel met die behoeftes wat deur die ouers geïdentifiseer is. Alhoewel ouers bepaalde gedrag van hul kleuter genoem het wat vir hulle moeilik is om te begryp, kan hierdie behoeftes ook herlei word na die selektering van die vyf temas van werkswinkels soos in die prototipe ouerbegeleidingsprogram uiteengesit. Die oorsprong van behoeftes kan gekoppel word met die ouers se beperkte kennis rondom die kleuter se ontwikkelingsdinamika, kommunikasiemetodes, sy emosies en hoe om dit te hanteer, maar ook oor alternatiewe strafmetodes. Die resultate van die vraelyste word onder 4.2 bespreek.

### **Stap 5:** Stel doelstellings en doelwitte

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers daar te stel sodat hulle toegerus kan word om by te dra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s). Die doelwitte word onder 1.3 uiteengesit.

## FASE 2: INLIGTING INSAMELING EN SINTESE

### **Stap 1:** Literatuurstudie

n Literatuurstudie rondom die ontwikkelingsdinamika van die kleuter op kognitiewe, affektiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling is onderneem. Hierdie literatuurstudie word in Hoofstuk 2 aangetref. n Literatuurstudie rondom die Gestaltbenadering is onderneem, wat ingesluit het die basiese konsepte, asook enkele tegnieke wat in terapie gebruik word. Dit word in Hoofstuk 3 van hierdie verslag aangetref.

**Stap 2:** Die bestudering van voorbeelde

Volgens De Vos (1998:391) behels hierdie stap om waar te neem hoe die persone wat deur die probleme geraak is, dit probeer hanteer. In hierdie ondersoek is ouers van kleuters genader om inligting deur middel van n vraelys te bekom.

**Stap 3:** Die bestudering van ander modelle of voorbeelde

Die navorser het nie ander modelle of voorbeelde van ouerbegeleidingsprogramme bestudeer nie, aangesien daar nie soortgelyke ouerleidingsprogramme vanuit n Gestaltbenadering bestaan nie.

**FASE 3: ONTWERP**

**Stap 1:** Die ontwerp van n sisteem om te observeer

Volgens De Vos (1998:393) word die sisteem van observasie gebruik om die omvang van die probleem te bepaal asook om die effek ná die intervensie te meet. Die sisteem om te observeer dien ook as terugvoer om die prototipe te verfyn. Die sisteem wat in hierdie studie benut kan word om te observeer, kan ouers van kleuters wees, asook die opvoeders, bestuurders en hoofde van versorgingsoorde, aangesien hulle daagliks met kleuters in kontak is. Sodoende kan verandering, al dan nie, in kleuters se gedrag ná die Gestaltbegeleidingsprogram aan die ouers aangebied is. Die prototipe is in hierdie studie nog nie getoets nie.

**Stap 2:** Spesifiseer die prosedure van intervensie



Die navorser het in Hoofstuk 5 aanbeveel watter persone die prototipe kan aanbied. Die prosedure van intervensie word onder 4.1 uiteengesit.

## FASE 4: VROEË ONTWIKKELING EN LOODSTOETSING

### **Stap 1:** Ontwikkel 'n prototipe

In hierdie studie is 'n Gestaltouerbegeleidingsprogram ontwikkel wat in Hoofstuk 4 van hierdie verslag vervat is. Slegs die eerste stap is benut, aangesien die prototipe ontwikkel, maar nog nie getoets is nie.

## **1.8 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK**

Ten einde die ondersoek tot uitvoer te bring, het die volgende aspekte aandag geniet:

### **1.8.1 Literatuurstudie**

Toepaslike literatuur oor die kleuter se unieke ontwikkelingsfase en die filosofie van die Gestaltbenadering is deur middel van boeke, vaktydskrifartikels, internetartikels en afgehandelde navorsing bekom. Die bronne wat gebruik is, word as reserch beskou, aangesien daar 'n balans bestaan tussen die bronne ouer as 10 jaar en dié wat jonger is. Ouer bronne is met dié wat jonger is, saamgelees en word dit as verteenwoordigend van die onderwerp gesien.

### **1.8.2 Struikelblokke in die studie**

Die volgende struikelblokke is tydens die aanvang van die studie voorsien of kan 'n rol speel in die toepassing van die program:

- kleuters verskil van mekaar as gevolg van hul temperament en omgewing. Die basiese teorieë met betrekking tot die ontwikkelingsfase van die kleuter maak voorsiening vir die kleuterkind in die algemeen, sonder om voorsiening te maak vir uitsonderings. Die navorser het seker gemaak dat die begeleidingsprogram
- buigbaar is om voorsiening te maak vir veranderlikes wat betref die gedrag van kleuters en die hantering daarvan deur ouers;
- ouers van kleuters mag moontlik, as gevolg van verskeie redes, meen dat hulle nie nodig het om so 'n begeleidingsprogram te deurloop nie en dus ontken dat hulle verryking benodig;
- ouers mag ook van mening wees dat dit nie nodig is om aan hul ouerskapvaardighede te werk nie;
- Die navorser baseer die begeleidingsprogram op die Gestaltbenadering. Dit het kreatiwiteit geverg om die Gestaltbenadering met die teorie oor die ontwikkelingsfase en aktiwiteite vir die ouer te integreer.

### **1.8.3 Die vraelys/meetinstrument**

Die navorser het gebruik gemaak van 'n eenmalige vraelys wat deur ouers van kleuters voltooi is. Die doel van die vraelys was om ouers se ouerskapstyl asook hul houding teenoor aspekte soos kommunikasie met hul kleuter asook hul dissipline-styl te bepaal. Verder is die vraelys benut om ouers se behoeftes rondom hul ouerskap te bepaal.

Daar word tussen drie soorte vraelyste onderskei, naamlik pos- of versendingsvraelys, die onderhoudsvraelys of -skedule en die groepvraelys (Smit, soos aangehaal deur Strydom, 1994:125). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van die posvraelys deurdat die vraelyste aan die persone in beheer van versorgingsoorde verskaf is, wat dit op hul beurt versprei het aan die betrokke ouers. Geen persoonlike kontak tussen die

respondente en navorser het plaasgevind nie. Die navorser het gepoog om die vraelys so kort en eenvoudig as moontlik te hou, aangesien respondente soms onwillig mag wees om lang en ingewikkelde vraelyste in hul eie tyd te voltooi.

Die Verskeidenheid vraagtipes word deur Strydom (1994:132) geïdentifiseer, naamlik oop vrae, geslote vrae, digotome vrae, meervoudige keusevrae, rangordevrae, invulvrae, geskaleerde vrae, stellings, matriks-tipe vrae en opvolgvrae. Die navorser maak gebruik van oop, geslote, digotome vrae en meervoudige keusevrae in die vraelys. Die navorser het hoofsaaklik vrae gestel wat die weerspieëling is van die ouer se houding teenoor sy rol in sy kleuter se ontwikkeling, kommunikasie tussen ouer en kind, asook die ouer se dissipline-styl. Oop vrae rondom dit wat vir die ouer moeilik is om te begryp met betrekking tot die gedrag van sy kleuter, is gestel sodat die ouer se behoefte hier rondom bepaal kon word.

#### **1.8.4 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming**

Die Universum of bevolking word deur Strydom (1994:67) omskryf as die omvattende klas waartoe verskynsels behoort en kan enige kategorie van verskynsels wees. In hierdie studie is die universum ouers van kleuters tussen die ouderdom van twee en ses jaar wat versorgingsoorde in Oudtshoorn bywoon. Daar bestaan nege van hierdie instansies in Oudtshoorn.

Daar moet dikwels 'n steekproef van die populasie bekom word omdat dit onmoontlik is om almal te betrek (Welman & Kruger, 1999:47). Twee hoofgroepe steekproewe kan onderskei word, naamlik die waarskynlikheidseleksie-tipe steekproewe en nie-waarskynlikheidseleksie-tipe steekproewe (Vergelyk Strydom, 1994:70 en Wellman & Kruger, 1999:62). Nie-waarskynlikheidseleksie-tipe steekproewe word gebruik wanneer die navorser persone uit 'n populasie kies wat naby en maklik beskikbaar is. Die skrywers waarsku teen die keuse van hierdie tipe steekproewe, aangesien dit nie noodwendig tiperend van die relevante populasie of individue is nie (Vergelyk Strydom, 1994:71 en Wellman & Kruger, 1999:62).

Die navorser sal gebruik maak van die nie-waarskynlikheidseleksie tipe steekproef, naamlik die doelbewuste steekproef, deurdat ouers van kleuters by versorgingsoorde gevra sal word om die vraelys te voltooi. Die versorgingsoorde wat die naaste en beskikbaarste is, is genader. Die steekproef van hierdie studie het bestaan uit drie versorgingsoorde in die onmiddellike omgewing. Personeel van hierdie drie instansies is genader om vraelyste aan ouers te verskaf. Die vraelys is beskikbaar gestel aan 120 ouers wat dit slegs eenmalig moes voltooi. 32 vraelyste is terug ontvang.

## 1.9 ETIESE ASPEKTE

Etiek word soos volg deur Strydom (2002:63) omskryf: *Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students.*

Die navorser het die volgende etiese riglyne gevolg:

- die respondente se deelname het vrywillig geskied (Vergelyk Babbie, 1998:438). Die betrokke versorger by die versorgingsoord het die vraelys aan die ouers verskaf en ouers kon self kies of hulle dit wou voltooi, al dan nie;
- die respondente kon die vraelys anoniem voltooi (Vergelyk Babbie, 1998:441). Die navorser het nie verwag dat identifiserende besonderhede verskaf word nie;
- die doel van die vraelys en ondersoek is deur middel van 'n dekbrief aan die respondente verduidelik sodat misleiding voorkom kon word (Vergelyk Strydom, 2002: 66);
- die navorser het 'n geleentheid geskep vir respondente om terugvoer te ontvang oor die ondersoek (Vergelyk Strydom, 2002:71). Hierdie aspek is deur middel van die dekbrief hanteer;

- daar is gepoog om die ondersoek deurlopend eties korrek te hanteer, omrede die navorser 'n verpligting het teenoor kollegas om hierdie etiese riglyne uit te voer (Vergelyk Babbie, soos aangehaal deur Strydom, 2002:69).

## **1.10 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE**

In 'n poging om onduidelikheid oor die aard van die ondersoek te voorkom word die volgende begrippe omskryf: Gestalt , Optimale ontwikkeling en kleuter .

### **1.10.1 Gestalt**

Volgens English & English (soos aangehaal deur Thompson & Rudolph, 1992:109) word hierdie begrip soos volg omskryf: *Gestalt is a form, a configuration or a totality that has, as a unified whole, properties which cannot be derived by summation from parts and their relationships.*

Die skrywer Cardwell (2000:118) sluit hierby aan en beskryf die begrip soos volg:

*a German word that literally means whole configuration and which emphasises that the whole (be it the person or a perceptual image) is always greater than the sum of its parts. Thus, the person is seen as being more than just all their component parts.*

Na aanleiding van die bogenoemde outeurs se sienings wil dit dus voorkom of die term Gestalt 'n eenheid bedoel wat impliseer dat hierdie eenheid uit nie-losmaakbare dele bestaan. Die navorser stem saam met bogenoemde skrywers se omskrywing van dié begrip.

### **1.10.2 Optimale ontwikkeling**

Volgens De Villiers, Smuts & Eksteen (1982:370,358) word optimale (ontwikkeling) omskryf as gunstigste, beste of hoogste . Die begrip ontwikkeling word omskryf as groei, ryphheid en bevordering .

Volgens Coan, Gerdes & Meyer (soos aangehaal deur Meyer & Van Ede, 1990:97) bestaan daar heelwat meningsverkil oor die term optimale ontwikkeling , aangesien verskillende psigoloë verskillende menings hieroor het. Optimaal ontwikkelde persone word deur Rogers (soos aangehaal deur Louw, 1990:97) gesien as ten volle funksionerende persone wat besluite neem op grond van hul eie oorweging en nie op grond van wat ander mense sal sê nie. Die navorser meen dat hierdie siening van optimaal ontwikkelde persone ook inpas by die Gestaltbenadering deurdat n kind die spontane persoonlikheid met n doelbewuste een moet vervang om goedkeuring by sy ouers en die samelewing te bekom. Hierdie spontaneï teit en doelbewusteheid is in konflik en lei tot konflikte, ongemaklikhede, distorsies en polariteite by die persoonlikheid. In plaas daarvan dat die persoon dus is wat hy is, strewe hy daarna om iets te wees wat hy nié is nie (Aronstam, 1989:637). Die doelstelling van hierdie ondersoek is dan ook om ouers tot optimale ontwikkeling van hul kleuters te begelei.

### **1.10.3 Kleuter**

Die begrip kleuter word deur De Villiers, *et al.* (1982:253) omskryf as kind tussen suigeling- en skoolleefyd . Met verwysing na Botha, Louw, Ferns & Van Ede (1998:238) word die kleutertydperk omskryf as die tydperk vanaf ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom. In aansluiting hierby gebruik Du Toit & Kruger (1991:8) die oorhoofse term voorskoolse kind en verdeel dit in drie ontwikkelingstadia, naamlik:

- Tussen 0 en 1 jaar: suigeling
- Tussen 1 en 3 jaar: peuter
- Tussen 3 en 6 jaar: kleuter

Die navorser stem saam met die omskrywing van Botha, *et.al.* (1998:238), aangesien dit aan ouderdom gekoppel word en dus ordelik afgebaken word. Die klem van hierdie studie is gemik op die kleuter tussen twee en ses jaar.

### **1.11 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG**

Die navorsing word in die volgende hoofstukke verdeel:

- in Hoofstuk 2 word die ontwikkelingsdinamika van die kleuterfase bespreek;
- Hoofstuk 3 word gebruik om 'n teoretiese fundering van die Gestaltbenadering te gee;
- in Hoofstuk 4 word die Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers uiteengesit;
- in Hoofstuk 5 word die samevattende opmerkings, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

### **1.12 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van watter stappe gevolg is om by die finale navorsingsproduk te kom. In Hoofstuk 2 sal aandag gegee word aan die unieke ontwikkelingsfase van die kleuter op kognitiewe, affektiewe, sosiale, morele asook persoonlikheidsvlak. Praktiese riglyne in die hantering van potensiële situasies by die kleuterkind geniet ook aandag.

# HOOFSTUK 2

## DIE ONTWIKKELINGSDINAMIKA VAN DIE KLEUTER

### 2.1 INLEIDING

Basiese kennis van die kleuter en sy leefwêreld is nodig sodat ouers hul kinders in totaliteit kan verstaan. In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op vyf vlakke van die kleuter se ontwikkelingsdinamika, te wete kognitiewe, affektiewe, sosiale, morele asook persoonlikheidsontwikkeling.

### 2.2 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Die term kognisie word deur Hetherington & Parke (1993:336) omskryf as: *the mental activity and behaviour that allows us to understand the world*. Kognisie sluit aspekte soos leer, persepsie, geheue en denke in. Meyer & Van Ede (1998:73,77) sluit by bogenoemde aan deur te verwys na Jean Piaget se teorie en beskrywing van menslike kognitiewe ontwikkeling wat in vier periodes verdeel word, naamlik:

- sensories-motoriese periode (geboorte tot twee jaar)
- pre-operasionele periode (van 2 jaar tot ongeveer 7 jaar)
- konkreet-operasionele periode (van 7 tot 11 of 12 jaar)
- formeel-operasionele periode (adolessensie)

Vir die doeleindes van hierdie bespreking en hierdie ondersoek sal daar gefokus word op die tweede periode, naamlik die pre-operasionele periode, omrede dit binne die kleuterfase val.

Hierdie stadium word gekenmerk deur intuïtiewe denke. Dit verwys na denke wat nie op logika gebaseer is nie, maar waardeur gevolgtrekkings gemaak word op grond van



waarneming (Meyer & Van Ede, 1998:79). Die pre-operasionele periode word gekenmerk deur patrone van denke en sal vervolgens bespreek word.

### **2.2.1. Onomkeerbaarheid ( *reversibility* )**

Kenmerkend van hierdie fase is dat die kind slegs in een rigting kan dink. Indien 'n vierjarige kleuter byvoorbeeld gevra sou word of hy 'n nuwe bababoetie het, sal hy 'ja' sê. Indien hy hierna gevra sou word of sy broer 'n broer het, mag hy 'nee' antwoord (Steinberg & Belsky, 1991:255). Dit beteken dat die kleuter nie iets kan omdraai in sy denke sodat dit vanuit 'n ander hoek bekyk kan word nie. Hierdie onomkeerbare denke is ook van toepassing op getalle en alledaagse aktiwiteite (Weeks, 1998:3.14).

'n Verdere kenmerk is konservasie, wat beteken dat sekere eienskappe soos lengte, hoeveelheid, volume of massa onveranderd bly ten spyte daarvan dat die substansie sekere transformasies ondergaan (Meyer & Van Ede, 1998:79). 'n Voorbeeld hiervan word deur Steinberg & Belsky (1991:255) uitgelig. 'n Kleuter wat na 'n ry koekies wat versprei word kyk, sal dink aan die ry wat lank is en nie as 'n kort ry wat verleng is nie.

### **2.2.2 Transduktiewe redenering**

'n Verdere kenmerk van die kleuter, is sy onlogiese redenering. Hy redeneer transduktief, dit wil sê van een besondere geval na 'n ander besondere geval. Eenvoudige afleidings word gemaak sonder om enige reëls of voorwaardes in berekening te bring (Weeks, 1998:3.14).

Praktiese voorbeelde hiervan is die volgende:

- 'n Kleuter wat elke middag slaap, kan glo dat dit nie middag was as hy nie op dié spesifieke dag geslaap het nie (Du Toit & Kruger, 1991:84).
- Die kleuter wat vir haar ma vra hoekom die verestoffer nie kan vlieg nie, aangesien dit dan wel vere het (Meyer & Van Ede, 1998:79).

- Superman dra spesiale klere. Die kleuter dink dat, as hy hierdie klere sou dra, hy Superman sal wees (Weeks, 1998:3.14).
- 'n Verdere aspek van transduktiewe redenering is dat geïsoleerde gebeurtenisse verbind word asof dit in 'n oorsaak-gevolg-verhouding staan. 'n Voorbeeld hiervan: 'n Kleuter wat in 'n motor op pad na sy grootouers is, terwyl 'n donderstorm aan die gang is, mag dink dat daar weer 'n storm sal wees wanneer hy 'n volgende keer na sy grootouers gaan (Steinberg & Belsky, 1991:260). Een aspek wat hierby aansluit, is die kleuter se metode van redenering. Indien 'n vyfjarige gevra sou word hoekom hy van sy fiets afgeval het, mag hy antwoord dat dit is omdat hy sy elmboog geskraap het. Verwarring tussen oorsaak en gevolg bestaan dus (Steinberg & Belsky, 1991:258).

### 2.2.3 Egosentrisme

Egosentrisme is 'n verdere belangrike kenmerk van die kleuter se denkproses. Dit verwys nie na die persoonlikheidseienskap van selfsugtigheid nie, maar dui daarop dat kleuters die wêreld vanuit hul eie persoonlike perspektief sien (vergelyk Meyer & Van Ede, 1998:77 en Du Toit & Kruger, 1991:84). Die skrywers Hetherington & Parke (1993:305) beskryf egosentrisme as die geval van 'n kleuter wat glo dat die wêreld vir hom gemaak is en om hom sentreer. Praktiese voorbeelde hiervan is soos volg:

- Die kleuter glo dat, as hy sy oë toemaak en niks kan sien nie, niemand hom ook kan sien nie (Weeks, 1998:3.13).
- Die kleuter dink dat die branders in die see ophou beweeg as hy gaan slaap.

Na aanleiding van bogenoemde skrywers kom die navorser tot die gevolgtrekking dat ouers se onkunde rakende hul kleuter se denkprosesse negatiewe gevolge vir die kleuter kan inhou. Indien 'n pa byvoorbeeld sy kleuter klap omdat hy frustrasies by sy werk ervaar, kan die kleuter dink dat hy iets verkeerd gedoen het, omrede hy nog nie die wêreld in totaliteit sien nie. Die kleuter besef dus nog nie dat sy pa frustrasies ervaar wat nie met hom verband hou nie. Gevolglik mag die kleuter glo dat hy iets verkeerd gedoen het.

Die navorser is van mening dat dieselfde mag plaasvind indien die ouers van 'n kleuter in 'n proses van egskeiding betrokke is. Indien daar nie openlike kommunikasie en verduideliking tussen die ouer en sy kleuter plaasvind nie, mag die kleuter se egosentriese denke veroorsaak dat hy dink dat dit sy skuld is dat sy ouers skei.

Volgens Piaget kan egosentrisme ook na vore kom in 'n kleuter se taalgebruik wanneer hy met homself praat (privaatspraak), of wanneer kinders saam speel en elkeen hul eie gesprek voer sonder om werklik met mekaar te kommunikeer (kollektiewe monoloog) (Meyer & Van Ede, 1998:81).

#### **2.2.4 Animisme**

Animisme beteken om aan nie-lewende dinge die eienskappe en kwaliteite van lewende dinge te gee. Soms sluit dit die gedagtes en gevoelens van mense in. Kleuters gebruik animisme gewoonlik ten opsigte van dinge soos die son, maan en berge (Vergelyk Steinberg & Belsky, 1991:260 en Hetherington & Parke, 1993:304).

Na aanleiding van bogaande inligting is dit duidelik dat die kleuter se kognitiewe prosesse beperk is vergeleke met dié van 'n volwassene. Die kleuter se vlak van kognitiewe ontwikkeling het 'n invloed op sy kommunikasie, soos uit bogaande besprekings se voorbeelde duidelik blyk. Die navorser is dus van mening dat begrip vir hierdie kognitiewe ontwikkelingsvlak nodig is sodat die ouer kan besef dat die kleuter nie byvoorbeeld besig is om moeilik te wees of leuens te vertel nie.

'n Verdere belangrike aspek is dié van affektiewe ontwikkeling, aangesien dit belangrik is om die emosies van die kleuterkind te verstaan. Die kleuter se affektiewe ontwikkeling sal vervolgens bespreek word.

### **2.3 AFFEKTIEWE ONTWIKKELING**

Volgens Du Toit & Kruger (1991:86) is die kleuter emosioneel verbind aan sy omgewing, en sy uiting van emosies soos liefde, woede, genot, frustrasie en angs toon daarom die intense belewing daarvan. Soos wat die kleuter egter ouer word, neem die intellek toenemend oor om sodoende die affektiewe te kontroleer. Die kleuter se gemoedslewe word as label beskou.

Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die teorie van Erikson omdat dit verband hou met die kleuter se ontwikkeling van die self in samewerking met betekenisvolle ander. Spesifieke emosies wat die kleuter ervaar en die hantering daarvan, sal laastens aandag geniet.

### 2.3.1 Die ontwikkeling van die self in samewerking met betekenisvolle ander

Die bekende Deense sielkundige Erik Erikson verdeel die emosionele ontwikkeling van die mens in agt stadia, waarvan elkeen gekenmerk word deur 'n krisis, dit wil sê 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer (Vergelyk Meyer & Van Ede, 1998:53 en Roos & Vlok, 1985:33). Volgens die genoemde skrywers kan hierdie agt stadia soos volg voorgestel en uiteengesit word:

**TABEL 2.1: DIE EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN DIE MENS**

(Meyer & Van Ede, 1989:53 en Roos & Vlok, 1985:33)

<b>STADIA</b>	<b>SINTESE</b>	<b>OUDERDOM</b>
Vertroue teenoor wantroue	Hoop	Eerste lewensjaar
Outonomie teenoor skaamte en twyfel	Wilskrag	Tweede lewensjaar

Inisiatief teenoor skuld	Doelgerigheid	Drie tot ses jaar
Arbeidsaamheid teenoor minderwaardig	Bekwaamheid	Laerskooljare
Identiteit teenoor identiteitsverwarring	Betroubaarheid	Adolesensie
Intimiteit teenoor isolasie	Liefde	Vroeë volwassenheid
Generatieweit teenoor stagnasie	Sorgsaamheid	Volwassenheid
Integriteit teenoor wanhoop	Wysheid	Bejaardheid

Die tweede en derde stadia is van toepassing op die kleuter, aangesien die ontwikkeling binne die tydperk van die kleuterfase plaasvind. Erikson beskryf die tweede stadium as outonomie teenoor skaamte en twyfel (sintese: wilskrag). Die kleuter se taak is om 'n gevoel van outonomie (onafhanklikheid) te verkry en terselfdertyd 'n gevoel van skaamte en twyfel te bekamp (Meyer & Van Ede, 1998:54).

Die kleuter beweeg weg van totale afhanklikheid, maar voel skuldig oor die verlies aan die verhouding met sy moeder. Hy twyfel aan sy vermoë om onafhanklik te raak, maar is steeds gereed om woorde soos "ek" en "myne" te gebruik. Indien sy pogings om onafhanklik te word geïgnoreer of gestraf word, mag dit lei tot onsekerheid en skuldgevoelens en hom gevolglik terughou om te ontwikkel. 'n Verduideliking van die sogenaamde *terrible two's* kan met behulp van Erikson se teorie gegee word.

Tweejarige stuur dikwels dubbele boodskappe uit. Hy sal byvoorbeeld sy ma nader roep, net om haar weg te jaag indien sy nader sou kom. Die kleuter wil dus onafhanklik wees, maar

steeds veilig en geborge voel (Steinberg & Belsky, 1991:211). Hierdie gedrag skakel direk in by Erikson se teorie en stadium van outonomie teenoor skaamte en twyfel. Die kleuter oefen dus om 'n selfstandige mens te word deur sy eie wil te laat geld (Roos & Vlok, 1985:36).

Die derde stadium van Erikson se teorie is ook van toepassing op die kleuterfase. Dit word gekenmerk deur die taak om te leer om inisiatief te toon en om gelyktydig 'n gevoel van skuld te bekamp. In hierdie fase is die kleuter besig om op te groei tussen sy gesinslede, maar ook sy familie en vriende buite die gesin. Kleuters wil graag soos hul ouers wees en hou daarvan om hul na te boots. Fantasieë van die grootmensewêreld kan gesien word in hul speletjies.

Kleuters verstaan nie altyd dat hulle nie alles kan doen wat volwassenes doen nie. Die gesin en ander volwassenes sorg dat die kleuter die waarheid weet, naamlik dat kinders nie hierdie dinge mag doen wat hulle dink hulle kan doen of graag wil doen nie. Uit hierdie konflik, sê Erikson, kom die krisis inisiatief teenoor skuld met betrekking tot die wens om te doen enersyds en die beperkinge andersyds. Ouers en ander versorgers kan 'n sensitiewe balans tussen die 'moets' en 'moenies' handhaaf sodat die kleuter sonder bekommernisse inisiatief sal neem en positief sal voel oor grootword. 'n Mamma kan byvoorbeeld vir haar kleuterdogter sê dat sy nie haar grimering mag dra nie, maar wel haar eie kan kry om mee te speel. 'n Verdere voorbeeld is 'n sensitiewe ouer wat die kleuter help en wys hoe om die eiers wat geval het, op te tel sonder om sy pogings te kritiseer om soos sy pa pannekoek te bak, (Steinberg & Belsky, 1991:277).

Die skrywers Roos & Vlok (1985:39) noem dat die korrekte sosiale gedrag en waardes in hierdie stadium belangrik word. Die kleuter moet in hierdie stadium self 'van binne' begin weet of hy reg of verkeerd optree. Hy moet dus 'n gewete begin ontwikkel. Aanvanklik weet die kleiner kleuter nie self of hy reg of verkeerd is nie; hy kom dit agter uit sy ouers en ander se reaksies teenoor hom. Die belangrikste manier waarop die kleuter se gewete ontwikkel, is deur middel van identifikasie. Hierdie identifikasie impliseer meer as net 'n behoefte om soos ma of pa te wees; dit impliseer dat die kleuter sy ouers se morele waardes en norme sy

eie maak. Hy bou dit in sy gewete in en voel skuldig wanneer hy die reëls vir aanvaarbare gedrag oortree.

### **2.3.2 Die kleuter en sy emosies**

Die navorser beskou dit as belangrik om begrip te hê vir die emosies en impak daarvan op die kind in die kleuterfase. Die algemeenste emosies wat tydens kleuterfase na vore tree, sal vervolgens bespreek word.

#### **2.3.2.1 Gelukkigheid**

Aan die einde van hul tweede jaar gee kleuters op spontane wyse uiting aan hul emosies. Hulle sal byvoorbeeld rondspring, hande klap, rondhardloop, uitbundig lag en geliefdes spontaan omhels om hulle vreugde en opgewondenheid te toon. Hulle leer egter mettertyd dat hulle in sekere situasies wel uitbundig en spontaan mag wees (byvoorbeeld tydens speletjies of 'n verjaardagpartytjie), terwyl hulle in ander situasies (byvoorbeeld in die kerk of 'n inkopiesentrum) meer beheers moet optree (Botha, Van Ede, Louw & Ferns, 1998:271). 'n Bykomende siening oor die kleuter se gelukkigheid word deur Du Toit & Kruger (1991:88) gehuldig. Hierdie skrywers noem dat die kleuter selde 'n neerslagtige stemming beleef. Indien die kleuter geborge voel en fisiek gesond is, is hy gewoonlik vrolik en opgewek, selfs onder moeilike omstandighede. Indien die kleuter egter depressief en neerslagtig voorkom, moet daar gesoek word na die oorsaak van sy negatiewe gevoelens.

#### **2.3.2.2 Vrees en angs**

Sommige sielkundiges onderskei tussen vrees en angs in dié sin dat vrees deur 'n spesifieke objek of situasie veroorsaak word en angs deur vae gevoelens. Ander is weer van mening dat hierdie twee emosies meer eenders is as wat hulle van mekaar verskil (Botha, *et al.*,

1998:272). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar volstaan met die tweede mening oor vrees en angs.

Jonger kinders blyk vir spesifieke dinge, soos honde, geraas, skielike bewegings, vreemde voorwerpe en persone bang te wees. Aan die ander kant toon ouer kleuters (tussen ongeveer 5 en 6 jaar) 'n toename in vrees vir denkbeeldige en abstrakte dinge, soos die donker, monsters, inbrekers, die dood en om gespot te word (Botha *et al.*, 1998:273).

Skeidingsangs verwys na vrees en gepaardgaande gedrag wat babas openbaar wanneer die moeder, vader of versorger hulle kortstondig verlaat. Dit verwys na 'n kortstondige verlating en nie na 'n langdurige of permanente skeiding nie (Louw & Van Ede, 1998:227). Volgens Botha *et al.* (1998:273) kom skeidingsangs ook in ander lewensfases voor. Daar is aanduidings dat kleuters skeiding met hulle ouers traumaties beleef en dat dit latere aanpassing en funksionering kan beïnvloed. Die effek wat skeiding op 'n kleuter het, word egter beïnvloed deur die rede vir en die verhouding voor die skeiding. Die kleuter se reaksie op skeiding word deur Bowlby (soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:273) in drie fases verdeel, naamlik die protes-, wanhoop- en die losmakingsfase. Die protesfase duur ongeveer drie dae en word gekenmerk deur die kleuter wat baie huil en na sy ouers soek. Tydens die tweede fase is daar toenemende wanhoop oor die moontlikheid dat die ouer nooit weer sal terugkeer nie. Kinders se aktiwiteitsvlak verlaag, hulle huil minder, raak baie beheers, onttrek en toon min belangstelling in hulle omgewing. In werklikheid dui hierdie gedrag op 'n moed-opgee-reaksie, waar kinders dink dat hul ouers hul verlaat het. Indien die ouers egter tydens hierdie fase sou terugkeer, word hulle gewoonlik verwerp; die kind sal byvoorbeeld sy rug op die ouer draai of weier om die ouer te groet. Ná 'n aantal ure of dae ná die ouer se terugkoms gaan die kind gewoonlik deur 'n ambivalente fase waar die kind die een oomblik aan die ouer vasklou en die ouer healtyd volg, en die volgende oomblik weer vyandig is en die ouer verwerp. Voorbeelde van situasies waarin kleuters skeidingsangs kan ervaar is eg skeiding, hospitalisasie en wanneer hulle byvoorbeeld kleuterskool toe moet gaan of by 'n dagmoeder moet bly.



Dit is belangrik om te onthou dat die kleuter reeds begin om sy vrees weg te steek en te onderdruk, aangesien hy dikwels die indruk kry dat dit sosiaal onaanvaarbaar is om bang te wees. Nagmerries, hakkel, enuresis en luidrugtigheid dien egter as aanduidings van sy onderdrukte vrees (Du Toit & Kruger, 1991:89). Die navorser het uit praktykervaring uitgevind dat laasgenoemde reaksies ook mag plaasvind indien daar nie 'n emosionele taal in die gesin gepraat word nie en die kleuter dus nie 'n uitlaatklep of begrip vir sy vrees ontvang nie.

Die volgende riglyne vir die hantering van vrees en angste by kleuters word deur Berk, Ripple, Buehler & Jacquish en Van der Zanden (soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:275) gegee:

- Kleuters moet aangemoedig word om oor hulle vrees te praat.
- Die vreesvoorwerp of -situasie kan geneutraliseer word deur dit met iets positiefs te assosieer. So byvoorbeeld kan vrees vir die donker dikwels voorkom deur aangename speletjies met die kind in die donker te speel. Die term herformulering word volgens die Gestaltbenadering vir hierdie positiewe assosiasie gebruik. Tydens herformulering word die negatiewe eienskappe van die kind se vreesobjek positief verander. Een van die vinnigste metodes om sukses te behaal is om die kind jammer te maak vir dit waarvoor hy eers bang was (Schoeman, 1999:143).
- Die kleuter moet toegelaat word om te sien hoe ander mense die voorwerp of situasie van hul vrees op 'n vreeslose wyse hanteer. Die kind wat 'n vrees vir honde het, moet byvoorbeeld toegelaat word om te sien hoe ander kinders met honde speel.
- Die kleuter kan geleidelik (stap vir stap) in kontak met die vreesvoorwerp of -situasie gebring word.
- Kleuters kan vaardighede in die hantering van die vreesituasie of voorwerp aangeleer word. 'n Dogtertjie met vrees vir die donker kan geleer word om die donker te beheer deur byvoorbeeld 'n maklik bereikbare naglig by haar bed aan te skakel. 'n Geliefkoosde speelding kan ook saam met die kleuter in die bed gesit word.
- Deur die vreesituasie aan die kleuter te verduidelik kan sekere vrees voorkom word. Kleuters wat byvoorbeeld bang is vir donderslae, kan minder bang wees indien die redes vir hierdie verskynsel aan hulle verduidelik word.

- n Situasi wat moontlik vrees kan veroorsaak, soos hospitalisasie of om kleuterskool toe te gaan, kan minder angswekkend gemaak word as n besoek vooraf aan die hospitaal of skool gebring word.
- Tydens n egskeiding behoort ouers aan kleuters te verduidelik wat die redes vir die egskeiding is en, indien moontlik, moet kontak met albei ouers behou word.
- Totdat hulle ouer is en beter in staat is om tussen fantasie en werklikheid te onderskei, behoort kinders wat irrasionele vrese vir monsters en ander fantasie-kreature het, nie toegelaat te word om té veel televisieprogramme te kyk en boeke te lees wat hierdie materiaal bevat nie.
- Ouers moet vir die kind n veilige basis skep waarbinne kindervrese op n simpatieke, geduldige en gerusstellende wyse hanteer word.

### **2.3.2.3 Woede en aggressie**

Woede verwys na n sterk emosionele reaksie wat ontlok word deur situasies soos fisieke inperkinge, inmenging, verwydering van besittings en om aangeval of gedreig te word (Reber, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:376). Die terme toorn, woede en koppigheid word deur Du Toit & Kruger (1991:88) gebruik en volgens hom word dit veroorsaak deur die dwarsboming van die kleuter se wil, beperking van sy fisieke bewegings, onderbreking van sy spel of as die kleuter nie sy sin of genoeg aandag kry nie.

Aggressie verskil van woede in dié sin dat dit fisieke of verbale gedrag bedoel wat daarop gemik is om ander leed aan te doen of te benadeel (Bukatko & Daehler, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:276). Twee tipes aggressie kom gedurende die kinderjare voor:

- Instrumentele aggressie verwys na aggressie wat aangewend kan word as n middel tot n doel (Botha *et al.*, 1998:277). In Steinberg & Belsky (1991:292) word hierby aangesluit en meld die skrywers dat instrumentele aggressie plaasvind as gevolg van konflik oor eienaarskap, domein en aangenome regte. Marie mag byvoorbeeld vir Paul klap omdat hy met haar teddiebeer speel. Of Annie se ouer broer mag haar byvoorbeeld skop wanneer haar voet te naby aan sy sandkasteel kom.

- Vyandige aggressie word deur Botha *et al.* (1998:277) en Steinberg & Belsky (1991:292) beskou as aggressie wat bedoel is om iemand opsetlik leed aan te doen.

Volgens Botha *et al.* (1998:277) neem instrumentele aggressie af namate kleuters ouer word, hulle meer emosionele beheer kan toepas en hulle in staat is om kompromieë aangaande besitreg oor 'n voorwerp te bereik. Vyandige aggressie neem tussen vier- en sewejarige ouderdom toe. Hierdie toename hou verband met die toenemende vermoë van kinders om die bedoelings van ander te herken (Hartup, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:277). Ouer kleuters kan byvoorbeeld opsetlike kwaadwilligheid in ander erken en is geneig om met aggressie te vergeld.

In Botha *et al.* (1998:277) word daarop gewys dat die sporadiese aggressiewe interaksie tussen jong kinders normaal is en te wagte kan wees. Dispute tussen kleuters is 'n kenmerk van hul ontwikkelende selfdefiniëring. Oormatige aggressie aan die ander kant kan problematies wees vir die kind se ontwikkeling, deurdat dit byvoorbeeld lei tot verwerping deur ander, probleme later op skool en die moontlike ontwikkeling van latere antisosiale gedragpatrone (Kazdin, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:277).

Die ontwikkeling van die kind se eie wil, soos beskryf word deur Erikson, as die ontwikkeling van onafhanklikheid, bring die kleuter dikwels in opstand teen gesag. 'n Aspek wat hierby aansluit, is dat sommige kleuters woedebuie ( *tantrums* ) het. In Lorenz (2000:1) word gemeld dat woedebuie 'n metode is om woede en frustrasie uit te druk. Sekere riglyne word gegee oor hoe om dit te voorkom en te hanteer.

Om 'n woedebuie te voorkom word die volgende riglyne deur Lorenz (2000:4,5) en Krebs (2002:1) gestel:

- Die ouer moet met die kleuter praat oor wat hy van hom verwag vóór daar na 'n publieke plek beweeg word. Dit is belangrik om te noem wat daar van die kleuter verwag word en dit in positiewe terme te stel.

- In aansluiting by bogenoemde stel Lorenz (2000:5) voor dat die ouer met sy kleuter sal praat oor lekkers voordat daar byvoorbeeld na 'n winkel gegaan word. Daar word voorgestel dat daar vooraf vir die kleuter gesê moet word of hy 'n lekker of lekkers mag kry of nie en hoeveel. Daar moet laastens seker gemaak word dat daar by die ooreenkoms gehou word.
- Praat met die kleuter oor veranderinge in daaglikse roetine sodat hy sal weet wat om te verwag.
- Waarsku die kleuter vooraf oor veranderinge of onderbrekings. Vóór slapenstyd kan hy gewaarsku word dat dit byvoorbeeld oor 15 minute bedtyd is en dat hy nog vir 'n paar minute kan speel.
- Ouers moet sensitief wees ten opsigte van hul kleuters. Wanneer 'n kleuter 'n ander kind se verjaardagpartytjie bywoon, moet die ouer sensitief wees en spandeer ekstra tyd saam met hom.
- Ouers moet sorg dat hul kleuter goed uitgerus is, aangesien 'n moeë kind meer vatbaar vir 'n woedebui is.

Die hantering van 'n woedebui word soos volg deur Krebs (2002:2) en Lorenz (2000:1) voorgestel:

- Moenie die kind straf of beloon nie. Wanneer die kind gestraf word, kan dit die woedebui oor die kort termyn vererger en die gedrag oor die lang termyn verleng.
- Bly kalm en poog om nie te reageer of enige gesigsuitdrukking te toon nie.
- Ignoreer die gedrag so ver as moontlik.
- Dit is belangrik om nie in te gee nie, omdat die kleuter dit later kan gebruik as 'n instrument om te manipuleer. Dit kan ook die gedrag verleng, selfs tot in volwassenheid.
- Hou die kind veilig en indien dit nodig is, isoleer hom byvoorbeeld in sy slaapkamer.
- Die ouer moet daarteen waak dat die afkeuring van ander persone nie sy reaksie op sy kind beïnvloed nie.

Die bogenoemde skrywers het gedetailleerde inligting oor die stap-vir-stap hantering vir wanneer kleuters in 'n openbare plek soos 'n restaurant of winkel of by die huis 'n

woedeaanval het. Dit is egter duidelik dat dit belangrik is om ná die woedebui met die kleuter in gesprek te tree daarvoor en dat die klem op die gedrag self sal val sonder om hom persoonlik aan te val. Begrip vir die gevoel van woede of frustrasie kan ook gegee word. Dit is belangrik om te verduidelik dat die woedebui en gedrag wat daarmee gepaard gaan, nie aanvaarbaar is nie. Gee vir die kind eerder alternatiewe om te gebruik. Alternatiewe en keuses is belangrike aspekte binne die Gestaltbenadering. Die kliënt maak self keuses en kies alternatiewe hanteringsmetodes vir sy probleem sodat hy self verantwoordelikheid daarvoor kan neem (Schoeman, 2000:7).

#### **2.3.2.4 Komplekse emosies**

Volgens Botha *et al.*(1998:285) is persone ook in staat tot komplekse emosies. Dit word só genoem, aangesien dit 'n vermenging van twee of meer basiese emosies is. Byvoorbeeld wanneer 'n mens trots ervaar, is jy gewoonlik bly en gelukkig. Ander voorbeelde van komplekse emosies is onder andere skaamte, verleentheid, skuldgevoelens en jaloesie. Die skrywers Hetherington & Parke (1993:246) meen dat kinders reeds vanaf 'n jong ouderdom in staat is om teenstrydige gevoelens te ervaar, maar word die vermoë om bewus te wees van twee teenstrydige emosies wat gelyktydig ervaar word, eers later ontwikkel.

Volgens Botha *et al.*(1998:285) begin komplekse emosies reeds vóór die tweede lewensjaar hul verskyning maak. Op ongeveer 18 maande toon kinders skaamte en verleentheid deur byvoorbeeld hulle koppe te laat sak, hulle oë te laat sak en hulle gesigte met hulle hande te bedek (Izard & Malatesta, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286). Op tweejarige ouderdom is daar aanduidings dat kinders jaloesie begin ervaar. So byvoorbeeld sal hulle hulself tussen die ma en die pa indruk as dié mekaar omhels (Cummings, Zahn-Waxler & Radke-Yarrow, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286). Die navorser wil 'n bykomende voorbeeld rondom jaloesie noem en dit is die kleuter wat jaloesie teenoor 'n nuutgebore sussie of boetie toon.

Skuldgevoelens (as hulle byvoorbeeld iets verkeerd gedoen het) en trots (as hulle byvoorbeeld iets regkry) verskyn op ongeveer driejarige ouderdom (Lewis, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286). Kinders van hierdie ouderdom is ook in staat om berou te toon en pogings

aan te wend om verbroude gedrag reg te stel. So sal Jannie byvoorbeeld die muur probeer skoonmaak waar hy pas met sy kleurkryt gekrap het, of Sannie sal haar maatjie, wat sy pas afgeknou het, probeer troos (Cummings, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286).

Volgens Berk (soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286) en Hetherington & Parke (1993:588) maak die emosie empatie ook sy verskyning in die vroeë kinderjare. Die ontwikkeling van empatie hou met die kleuter se ontwikkelende selfbewuswording, taal- en kognitiewe vaardighede verband. Dit beteken dat kinders nie net bewus word van 'n ander situasie nie, maar ook in staat is om hulle besorgdheid te verbaliseer (Bretherton, Fritz, Zahn-Waxler & Ridgeway, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:286). Die ouer se ouerskapstyl speel 'n rol in die kleuter se ontwikkeling van empatie. Ouers wat warm, aanmoedigend en empaties teenoor hulle kinders is, se kinders openbaar ook empatiese gedrag teenoor andere. Dit blyk dus dat kleuters geneig is om teenoor ander op te tree soos wat hulle ouers teenoor hulle optree (Botha *et al.*, 1998:286). Die skrywers Hetherington & Parke (1993:593) meen dat die modelle vir pro-sosiale gedrag soos empatie nie net tot die ouers of gesin beperk word nie. Die televisie is nog 'n bron vir die demonstrering van pro-sosiale gedrag soos empatie.

Na aanleiding van bogenoemde skrywers kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die ouerhuis die primêre bron is waar 'n kleuter van emosies leer. Ouers het dus 'n geleentheid om hul kleuters te begelei om hul eie emosies en ook dié van ander te erken. Die ouer kan verder die kleuter behulpsaam wees in die ontwikkeling van 'n gevoelstaal. Emosies word beskou as die kern van menswees, maar ook 'n belangrike faktor in onderlinge verhoudinge. Emosies beïnvloed dikwels aspekte soos gedrag en motivering direk.

Vervolgens sal daar aandag aan die sosiale ontwikkeling van die kleuter gegee word.

## **2.4 SOSIALE ONTWIKKELING**

Die sosiale ontwikkeling van die kleuter word deur Du Toit en Kruger (1991:94) omskryf as 'n proses waardeur hy leer om aan morele standaarde, verwagtings en eise vir aanvaarbare

gedrag te voldoen. 'n Ander term wat deur Botha *et al.*, (1998:312) gebruik word, is sosialisering. Dit stem ooreen met die verduideliking van Du Toit & Kruger en word gesien as die proses waardeur kleuters die oortuigings, gebruike, houdings, waardes en rolle van hulle kultuur of sosiale groep aanleer ten einde aanvaar te word deur die gemeenskap. Die faktore wat 'n bydrae tot die sosialisering van die kleuter lewer, word vervolgens bespreek.

#### **2.4.1 Faktore wat 'n bydrae tot sosialisering lewer**

Verskeie meganismes soos byvoorbeeld waarnemingsleer, nabootsing en identifikasie asook straf en dissipline dra volgens Botha *et al.*(1998:312) by tot die sosialisering van die kleuter. Hierdie drie meganismes sal vervolgens bespreek word.

##### **2.4.1.1 Waarnemingsleer**

Sosiale leerteoretici is van mening dat kinders deur waarneming kan leer. Volgens Thomas (soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:312) verwerf kinders gedrag deur te luister en te kyk na ander mense, eerder as om gedrag self sigbaar uit te voer. 'n Voorbeeld van waarnemingsleer is 'n klein dogtertjie wat 'n koppie tee maak nadat sy haar ma dopgehou het.

##### **2.4.1.2 Nabootsing en identifikasie**

Nabootsing of modellering is die nadoen van 'n rolmodel se gedrag. Kinders sien hoe 'n rolmodel, byvoorbeeld 'n ouer, optree en boots hierdie gedrag na. Wanneer kinders ouer word, speel identifikasie 'n groter rol in sosialisering. Dit is die proses waardeur die kind eienskappe, waardes en oortuiging van die ouer van dieselfde geslag of die versorgende ouer aanneem.

### **2.4.1.3 Straf en dissipline**

Die woord dissipline is afgelei van die Latynse woord wat om te leer beteken. Die kleuter het dissipline nodig, want dit bied vir hom duidelike grense waarbinne hy mag beweeg. Daarsonder voel hy onveilig, soos iemand wat op 'n hoë plek staan en geen grensdrade sien wat hom teen die afgrond kan waarsku nie (Kitching, 2000:84).

Bogenoemde skrywer noem dat die kleuter nog nie self kan oordeel wat reg en verkeerd is nie. Daar word dus voorgestel dat reëls eenvoudig en duidelik moet wees. Herhaling en geduld met betrekking tot dissipline van die kleuter is 'n verdere wenk wat in gedagte gehou moet word (Kitching, 2000:90).

Alhoewel straf gebruik word om kinders aanvaarbare gedrag te leer, is dit nie die doeltreffendste manier om 'n kind te sosialiseer nie. Indien dit egter wel toegepas word, moet die volgende riglyne in ag geneem word, soos uiteengesit deur Berndt, Newcombe & Bandura (soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:313):

- Straf neig om ondoeltreffend te wees indien ouers hulle kinders straf sonder om aan hulle die redes te verduidelik vir die reëls wat hulle gemaak het en waarom sekere gedrag aanvaarbaar is, al dan nie. Sonder hierdie verduidelikings neig kinders om eerder daarop te fokus of hulle gestraf sal word of nie, in plaas daarvan om te verstaan waarom die daad verkeerd is.
- Straf moet konsekwent wees; ouers moet dus altyd 'n spesifieke soort gedrag wat hulle onaanvaarbaar vind, straf. Konsekwentheid met betrekking tot sowel hul eise as die reëls wat gemaak word, moet bestaan. Indien ouers inkonsekwent is, verwar hulle hul kleuter en kan doeltreffende sosialisering nie plaasvind nie.
- Die tydsberekening van straf is ook belangrik. Dit moet gegee word direk nadat wangedrag plaasgevind het of as dit pas begin het.



- Ouers moet daarvan bewus wees dat straf die teenoorgestelde uitwerking kan hê as wat hulle wil bereik. Lyfstraf vir aggressie neig byvoorbeeld om laasgenoemde te laat toeneem in plaas daarvan om dit te laat afneem.

Volgens Kitching (2000:87) bestaan daar ook alternatiewe vorme van straf, naamlik die ervaring van natuurlike konsekwensies en die ervaring van logiese konsekwensies. 'n Kind leer gouer wanneer hy 'n paar keer dieselfde konsekwensies ervaar as wanneer die ouer aanhoudend die situasie beredder. 'n Praktiese voorbeeld hiervan is soos volg: Die kind slaan die bal aanhoudend in die rigting van die bure se heining. Die ouer tree glad nie in nie, maar indien die bal dan oor die heining sou gaan, word die kind self gestuur om dit te gaan haal en om verskoning te vra. Die ervaring van logiese konsekwensies behels dat die ouer bepaalde reëls neerlê wat tot 'n sekere konsekwensie sal lei indien dit nie gehoorsaam word nie. Dit wil sê dat die kind vooraf weet wat die gevolge gaan wees indien hy nie die vasgestelde reël volg nie. Hy het dus 'n keuse, en indien hy kies om wel die reël te oortree, weet hy dat 'n bepaalde straf in werking tree. So byvoorbeeld word 'n sekere voorreg van die kind ontnem. Byvoorbeeld: Die kleuter wat nie sy blokkies met sy maatjie wil deel nie, mag dan self nie met die blokkies speel nie. Hy kies dus self of hy saam met die maatjie wil blokkies speel en of hy glad nie wil speel nie. As die kleuter die speelgoed by die maatjie terugryp, neem die ouer die blokkies weg.

#### **2.4.2 Die kleuter se relasie met sy ouers en gesinslede**

Vir die kleuter is relasies met ouers en gesin nog van primêre belang en word dit gekenmerk deur liefde, geborgenheid, oorgawe, aanvaarding en vertroue. Een van die belangrikste kenmerke van die voorskoolse kind se relasie met sy ouers is sy groeiende vermoë om sonder angs van die ouer te skei om sodoende sy wêreld verder te kan eksploreer (Du Toit & Kruger, 1991:95).

Volgens Roos & Vlok (1985:74) is die huisgesin die primêre en magtigste groep waarbinne die kind se sosiale lewe voltrek word. In die gesin ontmoet die kind die eerste keer ander mense en word hy bewus van menslikheid. Weens die interpersoonlike en groepverhoudings in die gesin vind die kind se persoonlikheids groei plaas. Die huis is die oefenskool vir feitlik

alles, in die besonder met betrekking tot sosialisering. Dit is hier waar die kleuter leer wat sy plek is ten opsigte van sy gelykes, meerderes en minderes, asook ander geslagte en kulture.

Die lesse wat in die gesin geleer word, geld ook in die skool, kerk en die res van die gemeenskap.

Aangesien die navorser van mening is dat die basis van enige verhouding, dus ook die ouer-kind-verhouding, op positiewe en openlike kommunikasie gegrond is, word dit as belangrik beskou om vervolgens aandag te gee aan die metodes van kommunikasie.

### ***2.4.2.1 Kommunikasie met die kleuter***

Drie metodes van kommunikasie met die kleuter sal vervolgens bespreek word (Van Jaarsveld, 1989:47 - 54).

#### *2.4.2.1.1 Passiewe luister*

Passiewe luister is wanneer daar na die kind geluister word sonder om hom in die rede te val.

Met passiewe luister is dit belangrik dat die kind glad nie onderbreek word met 'n veroordeling, bemoediging of goedkeuring nie. Byvoorbeeld:

Kind: Juffrou Visagie het my vandag 'n pak slae gegee.

Ouer: Ja?

Kind: Sy was regtig onregverdig, want sy het my geslaan omdat ek my 'n maatjie geterg het.

Ouer: Mmmmmm.

Kind: Sy gaan so te kere by die skool en raas met my.

Ouer: O!

Kind: Sy kan soms so onregverdig wees.

Ouer: (bly stil)

Kind: Aag, nou is dit seker ook so; ek moes nie my maatjie geterg het nie, maar ek was darem baie ongelukkig.

Die ouer het nie veel gesê nie, maar tog met sy onverdeelde aandag laat blyk dat hy werklik luister en die kind nie wil veroordeel nie. Met reaksies soos: Ja, maar jy is in elk geval skuldig. , Jy weet mos jy mag nie maatjies terg nie, toon die ouer aan die kind dat hy glad nie begrip het van sy ervaring nie. Met passiewe luister word nie bedoel dat die ouer die optrede van die kind moet goedkeur nie, maar dat hy begrip het vir sy ontsteltenis omdat hy pak slae gekry het.

Passiewe luister is in werklikheid 'n aktiewe proses waar die ouer met sy nie-verbale houding wys dat hy werklik luister. Dit dra die boodskap aan die kind oor dat hy betekenisvol is en gerespekteer word, wat 'n sterk positiewe uitwerking op sy selfagting het.

#### *2.4.2.1.2 Aktiewe luister*

Aktiewe luister is die belangrikste kommunikasiewyse omdat ouers hiermee wys dat hulle aktief besig is om te luister, begrip het van wat die kind sê en die kind aanvaar. Dit is egter 'n manier van luister wat aangeleer moet word.

Deur aktief te luister toon die ouer begrip vir hoe die kind voel en sit hy hierdie gevoel van die kind in sy eie woorde om. Die kind se gevoelens word met ander woorde na hom teruggekaats (gereflekter). Byvoorbeeld:

Kind: Ek het nie weer in die eerste rugbyspan plek gekry nie.

Ouer: Jy is baie teleurgesteld omdat jy jou plek verloor het.

Die sukses van aktiewe luister is daarin geleë dat, wanneer ouers só na die kind luister, hulle tot die grondoorsaak van die hartseer, die vreugde of die aggressie kan deurdring. Aktiewe luister behoort veral gebruik te word in situasies waar die meelewende begrip van ouers noodsaaklik is, byvoorbeeld wanneer die kind seergemaak, verward, gespanne, bekommerd, bang of teleurgesteld is.

#### *2.4.2.1.3 Ek-boodskap*

Die kleuter mag soms sy ouers kwaad maak en frustreer omdat hy net vir sy eie behoeftes omgee. In hierdie geval is dit ook nodig dat ouers 'n uitlaatklep het om die kind te laat verstaan hoe ontevrede hulle is. Die ek-boodskap kom hier goed te pas. Dit bestaan uit vier elemente, naamlik:

- **Begrip:** Toon begrip vir die kind se gedrag wat die ouer op daardie tydstryk pla, en wys dat hy besef hoekom hy dit doen.
- **Eie gevoel van ouer:** As gevolg van die gedrag van die kind ervaar die ouer 'n sekere gevoel.
- **Gedrag van die kind:** Watter optrede van die kind die ouer ontevrede maak.
- **Gevolge van kind se gedrag:** Wat kan gebeur indien die kind volhou met sy optrede. Dit is nie altyd nodig om gevolge te noem nie, maar dit kan bygevoeg word.

'n Voorbeeld van 'n volledige ek-boodskap lyk soos volg:

Mamma sien jy geniet dit om so op die bed te spring (begrip), maar dit maak my regtig kwaad (eie gevoel) as jy so rondspring (gedrag van kind), want dit kan breek (gevolge).

Die goue riglyne van kommunikasie met die kleuter is dus om verby die woorde te kyk en te let op die behoefte wat hy besig is om oor te dra.

#### ***2.4.2.2 Kommunikasie as reaksie op kind se kreatiwiteit***

Kommunikasie na aanleiding van 'n kind se kreatiwiteit word ook deur die navorser as belangrik beskou. Die skep van 'n tekening of ander artikel kan 'n bron van trots vir 'n kleuter wees. Ouers weet egter nie altyd hoe om op 'n skepping te reageer nie. Algemene reaksies soos 'Dit is mooi' of 'Dis goed' of 'Ek hou daarvan' word gebruik. Die probleem hiermee is dat dit te omvattend is. Dit sê niks omtrent dit wat die spesifieke kind gedoen het of sy kuns nie (Van der Merwe, 1988:56).

Die volgende voorstelle word gemaak (Van der Merwe, 1988:57):

- Die ouer kan liever na die prent kyk en beskryf wat hy sien, byvoorbeeld: die kleure, die rigting waarin die lyne beweeg, of die hele papier gebruik is, en presies waarvan die ouer in die prent hou.
- Reaksies kan dus byvoorbeeld insluit:
  - Wat 'n interessante prent :
  - Jy het die hele papier gebruik.
  - Jy het net een kleur gebruik.
  - Waar kan ek jou naam skryf?
  - Waar wil jy dit ophang?
- Vrae oor die prent moet liewers oop wees, dit wil sê die ouer moet die kind die keuse laat om dit in sy eie woorde te verduidelik sodat hy nie net 'ja' of 'nee' moet antwoord nie. Dit laat die kind toe om te antwoord deur sy eie idees te gebruik.
- Byvoorbeeld: Wil jy graag vertel van jou werk?
- Hoe het jy dié deel aan die onderkant gemaak?
- Waarvan het jy die meeste gehou om te doen?

### **2.4.3 Die kleuter se reaksie met sy portuurgroep**

Die kleuter van vier jaar en ouer begin die samesyn met maats intens geniet. Hy is egter steeds onverdraagsaam teenoor ander wat nie sy wense in die spel nakom nie. Hierdie onverdraagsaamheid bring mee dat 'n kind leer om by ander aan te pas ten einde aanvaar te word. Hy leer dat sy siening en wil nie noodwendig ooreenkom met dié van ander kinders in die groep nie (Botha *et al.*, soos aangehaal deur Du Toit & Kruger, 1991:95).

Volgens Steinberg & Belsky (1991:294) kies kleuters hul maats op grond van:

- Fisieke kwaliteite Byvoorbeeld: Hy is lank, Sy het 'n mooi gesig.

- Eenvormige aktiwiteite Byvoorbeeld: Ons hou van vragmotors.
- Besit van interessante artikels Byvoorbeeld: Hy het baie weermagmanne .
- Fisieke nabyheid Byvoorbeeld: Hy sit naby my.

Teen die einde van die kleuterfase begin kleuters sosiale ondersteuning (hulp, vertroosting, mededeelsaamheid) en toenadering in hul maats waardeer (Steinberg & Belsky, 1991:294). Een van die sterkste kriteria vir die keuse van maats is geslag. Vanaf ongeveer 2 jaar tot en met 11 jaar kies alle kinders maats van dieselfde geslag (Vergelyk Steinberg & Belsky, 1991:295 en Hetherington & Parke, 1993:494). Beide geslagte verkies dit steeds teen die ouderdom van 5 jaar om met hul eie geslag te speel, maar seuns is vasbeslote om nie vriendskappe met meisies aan te knoop nie (Edwards & Whiting, LaFreniere, Strayer & Gauthier en Maccoby & Jacklin, soos aangehaal deur Steinberg en Belsky, 1991:295). Twee- en driejarige sal spontaan hul speelgoed met ander kinders en onbekende volwassenes deel. Dit is 'n metode om sosiale kontak te begin en te handhaaf (Stanjek, soos aangehaal deur Steinberg & Belsky, 1991:289).

Empatie vir ander kinders wat ongemak ervaar, samewerking met ander om 'n gemeenskaplike doel te bereik, en hulpvaardigheid verhoog tydens die kleuterfase. Sommige kleuters vertoon meer positiewe gedrag as ander. Hierdie positiewe en hulpvaardige gedrag word pro-sosiale gedrag genoem (Murphy, soos aangehaal deur Steinberg & Belsky, 1991:289). Daar is volgens Steinberg & Belsky (1991:290) drie teoretiese verduidelikings wat die oorsprong van pro-sosiale gedrag beskryf, naamlik:

- **BINDING:** kleuters wat 'n sterk gevoel van vertroue ontwikkel het gedurende die babajare, is geneig om die wêreld as betroubaar en veilig te sien. Hulle is vry om kontak met ander te maak, hulle leer hoe om op te let na behoeftes van ander.
- **KOGNITIEF:** die voorstanders van die kognitiewe verduidelikings is van mening dat 'n kleuter se pro-sosiale gedrag verhoog sodra egosentrisme verminder.
- **SOSIALE LEER:** Vir die sosiale teorie is goedhartigheid 'n kwessie van nabootsing of

modellering, dit wil sê dat die kleuter sien hoe volwassenes dit doen. Kleuters se gedrag word ook versterk deur die erkenning wat hulle ontvang wanneer hulle deel, help en saamwerk

Uit bogaande bespreking is dit duidelik dat kleuters gedrag van veral hul ouers, maar ook ander volwassenes, waarneem en naboots. Die belangrike invloed van ouers en ander volwassenes as rolmodelle kom weereens na vore. Dit sluit aan by 'n verdere aspek wat aandag sal geniet, naamlik die kleuter se morele ontwikkeling.

## **2.5 MORELE ONTWIKKELING**

Lawrence Kohlberg het geglo dat 'n kind deur verskillende fases van morele ontwikkeling gaan namate sy kognitiewe vaardighede ontwikkel. Hy het drie vlakke van morele ontwikkeling onderskei, wat op hul beurt weer onderverdeel is in verskillende stadia (Louw, 1990:359). Die eerste vlak met sy eerste stadium is van toepassing op die kleuterfase.

Die eerste vlak met die twee stadia daaronder is kenmerkend van die kleuterfase. Vlak 1 word die prekonvensionele vlak genoem en word beskou as die mees basiese vlak van morele ontwikkeling. Gehoorsaamheid word beïnvloed deur eksterne faktore soos beloning en straf, en morele waardes is nog nie geïnternaliseer nie (Weeks, 1998:3.15). Die eerste stadium in die prekonvensionele vlak word straf- en gehoorsaamheids-oriëntasie genoem.

Die kleuter evalueer gedrag slegs op die basis van die gevolge daarvan. Die motiewe van die dader word nie in aanmerking geneem nie, maar die kind is gehoorsaam ter wille van gehoorsaamheid, en sal die regte gedrag uitvoer ten einde straf te vermy en omdat hy onvoorwaardelik gehoorsaam is aan outoriteitsfigure (Louw, 1990:360).

Die tweede stadium word genoem die naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntasie (Louw, 1990:361). Vir die kind is dit reg om reëls na te kom indien dit in iemand se onmiddellike belang is. Dit is dus reg om tot eie voordeel en in eie belang op te tree. Die verwagting is ook dat, indien hy iets vir iemand anders doen, laasgenoemde in die toekoms

ook iets vir hom sal doen. Gehoorsaamheid aan reëls het nog primêr ten doel om beloning te verkry en om persoonlike behoeftes te bevredig.

Volgens Weeks (1998:3.16) is dit belangrik om te onthou dat kinders die gedrag van ander in eenvoudige kategorieë beoordeel. Iets is mooi of lelik en 'n ander kind is soet of stout. Omdat die kleuter se denke nog onomkeerbaar is, kan hy nie sy eie gedrag krities beoordeel nie en mag hy dink dat hy altyd korrek optree.

Ouerlike dissipline het wel 'n invloed op morele oordeel. Volgens Aronfeed, Parke, Hoffman & Edwards (soos aangehaal deur Hetherington & Parke, 1993:581), kan 'n kind se morele oordeel meer volwasse wees indien die ouers konsekwent in hul dissipline is, ander se gevoelens bespreek en 'n demokratiese gesinsbesprekingstyl handhaaf.

Na aanleiding van bogenoemde bespreking is dit weereens duidelik dat die ouer 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kleuter se morele ontwikkeling speel.

Persoonlikheidsontwikkeling sal vervolgens bespreek word.

## **2.6 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING**

Volgens Botha *et al.* (1998:271) hou persoonlikheidsontwikkeling gedurende die kleuterjare verband met toenemende emosionele beheer en die verdere ontwikkeling van die selfkonsep, wat ook die ontwikkeling van die geslagsidentiteit insluit. Aangesien die selfkonsep 'n belangrike element van persoonlikheidsontwikkeling is, is dit ook belangrik om te let op wat die term selfagting in konteks met selfkonsep beteken.

### **2.6.1 Selfagting**



Dit is belangrik om onderskeie tussen die terme selfkonsep en selfagting te onderskei sodat duidelikheid verkry kan word oor die betekenis en verskil tussen hierdie terme. Die selfkonsep verwys na 'n individuele beeld van homself, byvoorbeeld: My naam is Griet, ek het blou oë en ek kan drie wiel ry. Jong kinders se selfkonsep hou nou verband met hulle besittings. Hierdie eienskap kom duidelik na vore in die wyse waarop kinders hulself oor eienaarskap van voorwerpe laat geld (Vergelyk Botha *et al.*, 1998:288 en Vasta, Haith & Miller, 1999:499). Stel voor hoe twee kleuters oor 'n spesifieke speelding kan stry. Hierdie struwelinge oor voorwerpe en aandrag op eienaarskap moet egter nie as 'n negatiewe teken van selfsug geïnterpreteer word nie. Navorsers is van mening dat dit as 'n positiewe teken van kinders se ontwikkelende selfdefiniëring beskou moet word, met ander woorde, dat kinders besig is om duidelike grense tussen hulself en ander te vorm (Levine, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:288).

Die term selfagting word beskou as 'n persoonlike evaluasie van eienskappe (Botha *et al.*, 1998:289). Die Engelse term *self-esteem* word deur Bosman, Van der Merwe & Hiemstra (1984:1169) omskryf as: selfagting en gevoel van eiewaarde. In hierdie konteks kan daar dus aanvaar word dat hierdie term *self-esteem* dieselfde as selfagting beteken. Die ontwikkeling van selfagting begin in die vroeë kinderjare (vergeelyk Botha *et al.*, 1998:289; Katz, 2002:1 en Hetherington & Parke, 1993:233). Die basis van selfagting word gelê wanneer babas met hul versorgers bind.

Die ontwikkeling van selfagting is gewoonlik op drie hoekstene gebou (Newman & Newman, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:289), naamlik:

- die mate waarin die individu voel dat hy die liefde, aanvaarding, ondersteuning en goedkeuring van ander ontvang;
- die spesifieke eienskappe en vaardighede waarvoor die persoon beskik;
- die mate waarin die persoon die onderskeie aspekte van die self aanvaar, veral
- wanneer die persoon hom met ander vergelyk;

In die vroeë jare is die kleuter se selfagting gebaseer op sy persepsie van hoe betekenisvolle volwassenes in sy lewe hom beoordeel (Vergelyk Botha *et al.*, 1998:289 & Katz, 2002:1). Kleuters is geneig om hulself net in terme van sosiale aanvaarding (mense hou van my) en vaardigheid (ek kan dinge doen) te evalueer. Hulle besef ook nie dat hulle verskillende vermoëns in verskillende aktiwiteite kan hê nie. Kleuters sal sê dat hulle alles goed kan doen, al bewys die werklikheid die teendeel (Butler, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:289).

Dit skyn asof die kleuter se selfagting nie versterk word deur oormatige prys of vleiere nie. Inteendeel, dit mag twyfel by hom tot stand bring, omrede hy deur vleiere kan sien en gevolglik kan hy die volwassene afmaak as een wat hy nie kan vertrou nie (Katz, 2002:1). Laasgenoemde skrywer maak die volgende voorstelle om selfagting by kleuters te versterk:

- soos wat kinders ouer word, word hulle meer sensitief vir die terugvoer van hul portuurgroep. Ouers kan kinders leer hoe om gesonde verhoudinge met die portuurgroep op te bou;
- 'n kind se selfagting ontwikkel oor tyd en hy voel nie altyd in elke situasie goed oor homself nie. Hy mag byvoorbeeld selfversekerd en aanvaar voel by die huis, maar nie in sy voorskoolse klas nie. Die ouer kan help deur hom gerus te stel dat hulle hom aanvaar en ondersteun selfs al doen ander dit nie;
- die kleuter se gevoel van selfwaarde sal verdiep wanneer volwassenes op die kind se belangstellings en pogings reageer eerder as om dit net te prys. Byvoorbeeld: wanneer die kleuter belangstelling toon in dit wat die ouer besig is om te doen, kan die ouer hom by die aktiwiteit betrek. Of wanneer die kind belangstelling toon in 'n diertjie in die tuin, kan die ouer hom help om meer inligting oor die dier te kry. Op hierdie wyse is die ouer besig om positief te reageer op die kind se belangstelling deur dit ernstig te hanteer. Om die kind te vleie en prys, aan die ander kant, lei sy aandag weg van die onderwerp waarin hy belang stel en hy mag gevolglik 'n gewoonte ontwikkel om belangstelling in 'n onderwerp te toon net om prys te ontvang;
- kleuters kan voordeel trek uit take en aktiwiteite wat 'n uitdaging is in vergelyking met dié wat uitsluitlik vir genot is. So byvoorbeeld kan die ouer die kleuter betrek by huishoudelike

take soos om kos voor te berei of om vir die troeteldiere te sorg. Hierdie deelname kan vir die kleuter 'n gevoel van bemeestering gee;

- ouers kan bydra tot hul kleuter se positiewe selfagting deur hulle met respek te behandel, hul mening en opinies te vra en dit ernstig op te neem, asook om hulle realistiese en betekenisvolle terugvoer te gee;
- die ouer kan sy kleuter help om mislukkinge te hanteer eerder as om die fokus deurlopend op die suksesse te plaas. Ten tye van krisisse of mislukkinge kan die ouer sy kleuter verseker van sy liefde en ondersteuning wat onveranderd bly. Ná die krisis of mislukking kan die kleuter gehelp word om te gaan kyk wat verkeerd geloop het. Wanneer die kleuter in die toekoms met 'n krisis gekonfronteer word, kan hy sy kennis van vorige ondervindinge gebruik om die nuwe krisis te hanteer. 'n Kleuter se selfwaarde en selfvertroue kan nie verdiep indien ouers ontken dat die lewende suksesse en mislukkinge het nie.

## **2.6.2 Geslagsidentiteit**

Volgens Botha *et al.* (1998:291) speel 'n persoon se geslag 'n belangrike rol in die definiëring van sy selfkonsep. Dwarsdeur ons lewende bly ons bewus van onself as manlik of vroulik, en dit beïnvloed ook hoe ander teenoor ons optree en hoe ons self optree.

Geslagsrol is die gedragpatrone en houdings wat deur 'n gemeenskap as toepaslik of tipies van lede van die manlike of vroulike geslag gereken word (Plug *et al.*, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:291). Geslagsrolontwikkeling omsluit drie prosesse, naamlik:

### **2.6.2.1 Die verwerwing van geslagsidentiteit**

Geslagsidentiteit, dit wil sê kinders se kennis van hulself as 'n seun of dogter, is 'n kritieke mylpaal in die ontwikkeling van geslagsrolle (Sigelman & Schaffer, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:291). Kleuters tussen 2 en 3 jaar kan hulself akkuraat as 'n seun of dogter etiketteer. Hulle het egter nog nie begrip vir geslagskonstantheid nie, dit wil sê dat 'n persoon

se biologiese geslag onveranderd bly ten spyte van oppervlakkige veranderinge nie. So byvoorbeeld sal 'n kleuter glo dat, as Bettie haar hare sny en 'n broek in plaas van 'n rok aantrek, sy 'n seun word (Marcus & Overton, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:291). Eers tussen die ouderdom van vyf en sewe jaar besef kinders dat 'n persoon se geslag konstant bly.

### **2.6.2.2 Die ontwikkeling van geslagstereotipes**

Geslagstereotipes word deur Hetherington & Parke (1993:532) omskryf as die geloof deur lede van 'n kultuur oor die gedrag en houdings wat gepas is vir die manlike en vroulike rolle. Sodra kleuters hulself as dogters of seuns kategoriseer, begin hulle ook bewus word van geslagstereotipes. So kan kleuters reeds speelgoed, kledingstukke, gereedskap, huishoudelike items, speletjies, beroepe en kleure (pienk en blou) aan 'n spesifieke geslag verbind (Berk, soos aangehaal deur Botha *et al.*, 1998:292). Geslagstereotipes word sterker namate kinders ouer word. Veral ná sesjarige ouderdom, wanneer geslagskonstantheid gevorm is, beskou kinders geslagstereotipes as absolute wette, byvoorbeeld 'n seun kan nie 'n balletdanser word nie en 'n dogter kan nie 'n sokkerspeler word nie.

### **2.6.2.3 Die ontwikkeling van geslagsgetipeerde gedrag**

Geslagsgetipeerde gedrag word deur Hetherington & Parke (1993:532) omskryf as *the process by which children acquire the values, motives and behaviors viewed as appropriate to either males or females in a specific culture*. Kinders openbaar baie vroeg die tipiese gedrag van hulle geslag. Hulle toon ook baie vroeg 'n voorkeur vir dieselfde geslag speelmaats (Botha *et al.*, 1998:292).

'n Waarnemende studie wat gemaak is oor geslagsgetipeerde gedrag het bevind dat meisies minder konformeer in vergelyking met seuns wanneer dit kom by geslagstoepaslike gedrag. Meisies is byvoorbeeld meer geneig om met 'n vragmotor te speel as wat seuns 'n

pop sal vertroetel (O'Brien, Huston & Risley, soos aangehaal deur Hetherington & Parke, 1993:535). Daar is heelwat redes hiervoor: ons samelewing is 'n man-georiënteerde een waar daar meer voorregte en status gegee word aan die manlike rol. Volgens Hetherington & Parke (1993:535) is die manlike rol meer gespesifiseerd en is daar meer druk op seuns as meisies om sekere geslagstoepaslike standaarde te handhaaf. Studies het aangetoon dat vaders geneig is om meer negatief te reageer teenoor seuns wat gedrag toon wat as vroulik beskou word as moeders.

In aansluiting by bogenoemde skrywers se siening is die navorser van mening dat die kleuter met 'n bepaalde temperament of persoonlikheid gebore word. Hierdie gegewe temperament of persoonlikheid dien as basis, maar word tog deur insette van ouers en ander volwassenes beïnvloed. Aandag is veral gegee aan die term selfagting in bogaande bespreking. 'n Positiewe selfagting word as krities beskou, aangesien die teendeel negatiewe gevolge vir interpersoonlike verhoudinge, prestasie en gedrag mag hê. Ouers kan reeds van vroeg in hul kinders se lewe 'n rol speel om 'n positiewe selfagting tot gevolg te hê.

## **2.7 OPTIMALE ONTWIKKELING**

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers daar te stel sodat hulle toegerus kan word om by te dra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s).

Die term optimale ontwikkeling is reeds onder 1.10.2 bespreek. Die navorser wil graag bykomende aspekte rondom optimale ontwikkeling uitlig. Volgens Raatjes & Schwartz (1993: 53) behels Rogers se selfteorie dat *the fully functioning person was one that had learned to achieve a harmony between the self-image and the ideal self*. Hierdie gedagte sluit aan by Rogers se siening dat optimaal ontwikkelde persone hul eie besluite neem op grond van hul eie oordeel en nie op grond van die oorweging van wat die mense sal sê nie (sien 1.10.2).

Die term self-aktualisering word deur die navorser as sinoniem met optimale ontwikkeling beskou. In hierdie verband noem Cardwell (2000:226) dat die term self-aktualisering twee betekenis het. Dit mag eerstens vir 'n persoon motivering wees om sy volle potensiaal te

besef. Dit sluit in die tweede plek aan by Maslow se persoonlikheidsteorie. Hierdie teorie noem dat, indien die persoon se basiese behoeftes, soos die behoefte aan veiligheid, bevredig is, die persoon na hoër vlakke van funksionering kan beweeg. Volgens Maslow aanvaar self-aktualiserende persone wie hulle is ten spyte van hul foute en beperkinge. Hierdie persone ervaar dryfkrag om kreatief in alle aspekte van hul lewe te wees (Cardwell, 2000:227).

Dit blyk dat 'n positiewe en realistiese selfwaarde die een aspek van optimaal ontwikkelde of self-aktualiserende persone is. Die navorser wil deur middel van die verskaffing van kennis en die verhoging van bewustheid ouers toerus om by te dra tot die vestiging van 'n positiewe en sterk selfwaarde by kleuters.

## **2.8 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die ontwikkeling van die kleuter op kognitiewe, affektiewe, sosiale en persoonlikheidsvlak. Dit is duidelik dat die kleuter se kognitiewe ontwikkeling onvoltooid is en kenmerke toon wat 'n invloed het op kommunikasie tussen hom en 'n volwassene. Dit is dus noodsaaklik dat die ouer begrip hiervoor sal toon.

Die affektiewe ontwikkeling van die kleuter behels die ontwikkeling tot 'n individu met sy eie wil asook die belewenis van 'n verskeidenheid emosies wat as deel van die alledaagse lewe beskou kan word. Die belangrike invloed van die ouers in die begeleiding van die kleuter ten opsigte van sy affektiewe ontwikkeling, kom duidelik na vore.

Drie faktore lewer 'n bydrae in die proses van sosialisering van die kleuter. Hierdie drie faktore is: die waarneming van hul ouers, die nabootsing of modellering van die rolmodel se gedrag en straf en dissipline. Dissipline met betrekking tot die kleuter vereis herhaling en geduld. Verskeie alternatiewe vorme van straf bestaan wat meer suksesvol blyk te wees as lyfstraf. Die kleuter leef in relasie met sy ouers, gesinslede en die portuurgroep. Verskeie

metodes van kommunikasie bestaan wat kan dien om kommunikasie tussen ouer en kleuter aan te moedig.

Die morele ontwikkeling van die kleuter word gekenmerk deur gehoorsaamheid om straf te vermy en omdat hy onvoorwaardelik gehoorsaam is aan outoriteitsfigure. Op 'n latere stadium is dit vir die kleuter reg om reëls na te kom indien dit in iemand se onmiddellike belang is. Gehoorsaamheid aan reëls het nog primêr ten doel om beloning te verkry en om persoonlike behoeftes te bevredig.

Die selfkonsep is 'n belangrike element van persoonlikheidsontwikkeling. Onderskeid word getref tussen die terme selfagting en selfkonsep. Die selfkonsep verwys na 'n individuele beeld van homself, terwyl selfagting beskou word as 'n persoonlike evaluasie van eienskappe. Die term selfagting word as sinoniem met 'n gevoel van eiewaarde beskou. In die vroeë jare is die kleuter se selfagting gebaseer op sy persepsie van hoe betekenisvolle volwassenes in sy lewe hom beoordeel.

Praktiese riglyne met betrekking tot die hantering van bepaalde situasies is ook in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie hoofstuk verskaf 'n belangrike basis vir die Gestaltouerbegeleidingsprogram, aangesien bepaalde vooraf kennis van die kleuter se ontwikkeling nodig is. Vervolgens sal die basis van die Gestaltbenadering in Hoofstuk 3 aandag geniet.

## HOOFSTUK 3

### N TEORETIESE FUNDERING VAN DIE GESTALT BENADERING

#### 3.1 INLEIDING

Volgens Van Rooyen & Combrinck (1980:49) verwys die woord Gestalt na 'n geheel. Die skrywers noem verder dat gedrag volgens die Gestaltbeginsels 'n dinamiese geheelpatroon impliseer. 'n Reaksie op 'n situasie word gebore uit 'n reaksie op die hele situasie. Die mens is ook as geheel by 'n situasie betrokke en die hele situasie beïnvloed hom. Die Gestaltbenadering is volgens die skrywers gerig om 'n kliënt te help om sy perseptuele beeld van homself en die werklikheid te verander sodat hy faktore in onderlinge verband en as 'n geheelbeeld kan sien. In die tweede plek word die kliënt tot insig gelei deur onder meer 'n herstrukturering van feite te maak, nuwe verbande uit te lig en die verlede met die hede in verband te bring. Op hierdie wyse verkry die kliënt 'n begrip van die geheelbeeld (Brammer & Shostrom, soos aangehaal deur Van Rooyen & Combrinck, 1980:49). Die fokus van die navorser val egter nie op die herstrukturering van feite asook om nuwe verbande uit te lig nie, maar eerder op die bewustheidskontinuum wat in die hier-en-nou is, omdat dit tot die verwerking en integrering van emosies lei.

In hierdie hoofstuk sal daar gelet word op die basiese konsepte asook enkele tegnieke in die Gestaltbenadering. Die Gestaltbenadering vorm die basis van die ouerbegeleidingsprogram wat in Hoofstuk 4 bespreek word.



## **3.2 BASIESE KONSEPTE IN DIE GESTALTENADERING**

Die basiese konsepte in die Gestaltbenadering sal vervolgens bespreek word.

### **3.2.1 Bewustheid**

Bewustheid is die proses om te erken waaraan ons dink, wat ons voel, wat ons sensories ervaar en wat ons doen. Deur by die oomblik tot oomblik se vloei van ervaring (bewustheidskontinuum) te bly ontdek persone hoe hulle funksioneer (Yontef, 1993:11).

Bewustheid is belangrik, want daarsonder verloor die mens kontak met homself, sy behoeftes en ook met die spontane vloei van behoeftebevrediging. Hierdeur vermy die mens erkenning van sy eie vermoëns en spontane en direkte kontak met andere (Aronstam, 1989:640).

Volgens Yontef (1993:16) sluit bewustheid die volgende in: om die omgewing te ken, verantwoordelikheid vir keuses, selfkennis, selfaanvaarding en die vermoë tot kontak. Bewustheid word deur Yontef (1993:16) beskou as kognitief, sensories en affektief. Die persoon wat sy situasie verbaal erken, maar wat sy situasie nie regtig insien, ken, daarop reageer en emosie daarvoor het nie, is nie ten volle bewus nie en dus nie in kontak nie. Bewustheid is altyd in die hier-en-nou, alhoewel die gebeure wat onthou word, in die verlede is.

Die kliënt word gelei tot verhoogde bewustheid deur middel van die toepassing van die Gestaltbenadering in terapie asook die benutting van verskeie tegnieke om eersgenoemde te verhoog. Tegnieke wat help om bewustheid te verhoog, soos semantiese opklarings en die leë-stoel-tegniek, word onder 3.3 van hierdie hoofstuk bespreek.

### **3.2.2 Kontakmaking**

Volgens die Gestaltbenadering (Vergelyk Yontef, 1993:9 en Aronstam, 1989:629) is n persoon altyd in kontak met sy omgewing. Daar bestaan egter ego-grense wat die persoon van sy omgewing skei. Hierdie grense is nodig om te keer dat die persoon sy identiteit verloor. Om positiewe kontak met die omgewing te maak moet die persoon uitreik om ook sy eie grense te ontdek. Effektiewe selfregulering sluit in dat die persoon bewus sal wees van wat negatief en positief is uit die omgewing. Dit wat positief is, word geassimileer en ander elemente word verwerp. Hierdie soort kontak lei tot groei. Volgens Yontef (1993:10) en Aronstam (1989:634) lei n swak ego-grens tot ineenvloeiing met die omgewing en verloor die persoon sy identiteit. Binne goeie funksionerende kontakgrense wissel die persoon tussen binding (dit wil sê om in kontak te wees met die huidige omgewing) en skeiding (dit wil sê onttrekking aan die huidige omgewing). Verder noem Yontef (1993:10) dat die kontakgrens verbreek kan word deur twee polariteite, naamlik samevloeiing (wanneer daar nie meer n onderskeid is tussen die self en die omgewing nie) en isolasie (die persoon beskou die omgewing nie meer as belangrik vir die ontwikkeling van sy self nie). Kontak en onttrekking is metodes waarop die persoon poog om sy onvoltooidhede te bevredig. Dit word deur organiese selfregulering gerig.

Wanneer die kontakgrens tussen die self en ander onduidelik begin word of selfs verlore gaan, lei dit tot n versteuring in die onderskeid tussen die self en ander. Die volgende versteurings van kontak word onderskei:

#### **3.2.2.1 Introjeksie**

Dit kan omskryf word as die proses waardeur die persoon inhoude kritikloos vanuit sy omgewing inneem (Aronstam, 1989:638). Een bron van introjeksies is ouers se boodskappe aan kinders (Blugerman, 1986:76). Die gevolg van introjeksies is dat persone skuldig voel

indien hulle optree volgens hulle behoeftes ( *wants* ) in vergelyking met die verwagtinge ( *shoulds* ) aan hulle gestel (Yontef, 1993).

Assimilasie word beskou as die teenpool van introjeksie. Dit is die proses waardeur 'n persoon dit wat hy van sy omgewing ontvang, verwerk en werklik deel van homself. Dit veronderstel 'n kritiese beskouing van dit wat ontvang is, aanvaarding van dit wat goed is en verwerping van dit wat sleg is vir die persoon (Aronstam, 1989:638).

Die navorser is van mening dat negatiewe assimilasië tydens die kinderjare kan plaasvind. Deur middel van waarneming, nabootsing en sosialisering, word sekere gebruike, optredes en gewoontes deur kinders geassimileer en oorgedra na volwassenheid. Daar bestaan dus sekere ouerskapstyle wat kinders van hul ouers kan oorneem (as gevolg van assimilasië) wanneer hul op hulle beurt ouers word/is. Deur middel van bewusmaking tydens die Gestaltouerbegeleidingsprogram kan ouers die geleentheid kry om deur middel van selfondersoek te bepaal watter ouerskapstyle hulle van hul ouers geassimileer het wat die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s) benadeel of verhoed.

### **3.2.2.2 Projeksie**

Dit is die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Volgens Aronstam (1989:638) word onderskei tussen aannames wat op feite gebaseer is en aannames wat op fantasieë gebaseer is. Deur projeksie onteien die individu nie net sy impulse nie, maar ook daardie dele van homself waar die impulse ontstaan. Die persoon wat andere sien as wreed en onmenslik, ontken sy eie aggressiewe kwaliteite, heel moontlik as gevolg van introjeksies soos Geweld is barbaars. of Jy moet jou naaste liefhê. Deur projeksie poog die individu om homself te reinig van sy gefantaseerde introjeksies, wat in der waarheid nie introjeksies is nie, maar aspekte van homself. Die teenpool van projeksie is onteiening. Namate die individu hierdie geprojekteerde aspekte kan herken en as sy eie kan aanvaar, sal die nodigheid van projeksie dus afneem.

Volgens Oaklander (1988:68) is *a good sense of self* 'n voorvereiste vir positiewe kontak tussen andere en die omgewing. Die skrywer meld hoe die kontakgrensversteuring van projeksie by kinders na vore kom. Sommige kinders wat inskakel vir terapie, het soveel van hulself verloor dat hulle hulself projekteer deur gedurig vir andere erkenning te vra. Ander kinders wat nie die negatiewe gevoelens kan hanteer wat hulle oor hulself het nie, maak ook gebruik van projeksie deur byvoorbeeld te sê dat ander persone hulle haat.

### **3.2.2.3 Samevloeiing**

Dit beteken dat die individu geen grense tussen hom en sy omgewing ervaar nie. Hierdie gebrek aan grense verhoed die ontwikkeling van goeie kontak met andere. Ineenvloeiing vereis gelykheid en vermy andersheid. Ouers wat hul kinders byvoorbeeld as verlengstuk van hulself sien, sal enige andersheid met verwerping hanteer (Aronstam, 1989:638). Samevloeiing word deur Blugerman (1986:75) omskryf as 'n ooreenkoms tussen twee individue of sisteme om die status quo te handhaaf deur konflik te vermy.

Volgens Oaklander (1988:69) lei 'n kind se gebrek aan 'n *sense of self* ook tot hierdie kontakgrensversteuring. Sommige kinders mag beter voel indien hulle in samevloeiing met ander gaan, deur afhanklik te wees, dikwels fisies, van ander kinders of volwassenes, of deur baie soos ander te wees.

Alhoewel samevloeiing 'n kontakgrensversteuring is, word dit ook aangewend in terapie met volwasse persone, asook met kinders. Veronderstel 'n kind begin tydens terapie skreeu, kan samevloeiing benut word deur die kind aan te moedig om nog harder te skreeu.

### **3.2.2.4 Retrofleksie**

Volgens Aronstam (1989:638) behandel die individu met retroflektyw gedrag homself soos wat hy andere oorspronklik wil behandel. Geretroflekterde liefde word selfliefde en geretroflekterde haat selfhaat, wat tot selfmoord kan lei. Die individu word dus letterlik sy eie vyand. Volgens Oaklander (1988:69) is voorbeelde van retroflektyw gedrag in kinders die volgende: uittrek van hare, hoofpyne, maagpyn, asma-aanvalle en bednatmaak. Volgens Blugerman (1986:77) is bogenoemde kontakversteurings nie noodwendig negatief nie, maar wanneer dit egter standhoudend word en in verkose manier van optrede deur die individu is, word groei beïnvloed.

### **3.2.3 Organiese selfregulering**

Die beginsel van organiese selfregulering word soos volg deur Perls beskryf (soos aangehaal deur Blugerman, 1986:74): *Whatever is the organism's foremost need makes reality appear as it does. It makes such objects stand out as figures which correspond to diverse needs. It evokes our interest, attention, cathexis or whatever you choose to call it. The most important fact about the figure background formation is that if a need is genuinely satisfied, the situation changes. The reality becomes a different one from what it was as long the situation was unfinished. The healthy organism rallies with all its potentialities to the gratification of the foreground needs. Immediately as one task is finished, it recedes into the background and allows the one which in the meantime has become the most important to come to the foreground. This is the principle of organismic selfregulation.*

Dit blyk dus dat die voorgrondbehoefte al die aandag van die organisme daarop fokus totdat hierdie behoefte bevredig is. Yontef (1993 :10) sluit hierby aan deur te sê dat die belangrikste behoefte van die organisme eerste gestel sal word totdat dit bevredig word of eenkant geskuif word vir 'n belangriker behoefte. Laasgenoemde skrywer gaan verder deur te sê dat die lewe

bestaan uit: behoeftes wat bevredig of onbevredig is, die verkryging van homeostase of balans en die voortgaan na 'n volgende oomblik en behoefte. Organiese selfregulering kan by die kleuter plaasvind indien hy byvoorbeeld meer aandag van sy ouers verlang. Hy mag dus alle allerande metodes gebruik, selfs negatiewe gedrag, in 'n poging om sy behoefte te bevredig.

Bewustheid en bewuswording is van groot belang in die Gestaltbenadering, maar ook in die bevrediging van die voorgrondbehoefte. Die mens word beskou as 'n totale organisme met brein en liggaam, maar daar word ook geglo dat met volle bewustheid 'n staat van organiese selfregulering intree en die totale persoon beheer kan neem (Perls, soos aangehaal deur Schoeman, 1999:110). Die gesonde persoon word dus beskou as dié een wat sy bewustheid kan behou sonder om deur die stimuli van die omgewing afgelei te word. Hierdie persone kan hul behoeftes duidelik en ten volle ervaar, maar ook die alternatiewe van die omgewing gebruik om hierdie behoeftes te bevredig. Innerlike konflik en frustrasie bestaan steeds vir gesonde persone, maar as gevolg van hul verhoogde bewustheid is hulle in staat om probleme op te los. Konflik met ander word opgelos as dit moontlik is en aanvaar as dit nie moontlik is nie (Perls, soos aangehaal deur Schoeman, 1999:111). Daar word verder gemeld dat die gesonde persoon op een die behoefte fokus wat op die voorgrond is en ander behoeftes op die agtergrond skuif. Wanneer die betrokke behoefte bevredig is, of die Gestalt voltooi of gesluit is, word dit na die agtergrond geskuif en 'n nuwe behoefte kom op die voorgrond. Vir individue om hul behoeftes te bevredig en die Gestalt te sluit moet hulle eers bepaal wat hulle nodig het. Individue moet ook weet hoe om hulself en die omgewing te manipuleer.

Volgens Perls (soos aangehaal deur Schoeman, 1999:111) kan 'n fisiese behoefte ook bevredig word deur slegs interaksie tussen organisme en die omgewing. Deur middel van homeostase of selfregulering is die organisme dus in staat om van enige fisiese wanbalans bewus te raak en dit te herstel. 'n Voorbeeld van selfregulering in die menslike liggaam: indien die waterinhoud van die bloed te laag daal, sal perspirasie, speekselafskeiding en urine-afskeiding afneem en sal die liggaamsweefsel water in die bloedstroom stort. Die

liggaam bespaar dus water tydens hierdie noodsituasie. Indien die waterinhoud van die bloed verder daal, raak die mens bewus dat hy dors is en sorg daarvoor dat hy die wanbalans herstel deur water te drink. Sodra die balans herstel is, keer die organisme terug na 'n toestand van rus (Aronstam, 1989:633).

Afgesien van die fisiologiese kontakbehoefte het die mens ook psigologiese kontakbehoefte. Ook hier raak die mens bewus van sy psigiese behoeftes sodra sy psigiese ekwilibrium versteur raak. Die fisiologiese en psigologiese behoeftes kan egter nie geskei word nie, aangesien elkeen elemente van die ander bevat (Aronstam, 1989:633).

### **3.2.4 Onvoltooidhede**

'n Gestalt word gevorm in 'n organisme soos wat 'n nuwe behoefte na vore tree. Soos reeds genoem: wanneer hierdie behoefte bevredig word, word daardie Gestalt vernietig en 'n nuwe Gestalt word gevorm. Onvoltooides word onvoltooidhede ( *unfinished business* ) genoem (Schoeman, 1999:113).

Hierdie onvoltooidhede kan onbevredigende behoeftes, ingehoue emosies of enige ander onvoltooides situasie wees wat aandag verg. Onvoltooidhede kan ook deur middel van drome manifesteer (Schoeman, 1999:112).

### **3.2.5 Sensoriese kontakmaking**

Volgens Oaklander (1978:109) is dit deur middel van sintuie, naamlik sig, tas, reuk, smaak en gehoor dat persone hulself ervaar en kontak maak met die omgewing. Tog verloor persone dikwels volle bewustheid van hul sintuie deurdat dit outomaties word en weg van die self begin funksioneer. Fritz Perls, die vader van die Gestaltbenadering, het dikwels gesê: *Lose your mind and come to your senses* (Oaklander, 1978:109).

Verskillende oefeninge en eksperimente bestaan om persone te help om weer bewus te word van hul sensoriese funksies. Daar is 'n wye verskeidenheid hulpmiddels wat in terapie met kinders aangewend kan word om bewustheid rondom hul sensoriese funksies te bereik. Voorbeelde hiervan is die volgende (Schoeman, 1999:79):

**TABEL 3.1: VOORBEELDE VAN OEFENINGE OM SENSORIESE KONTAKMAKING TE VERHOOG** (Schoeman, 1999:79)

<b>SINTUIG</b>	<b>HULPMIDDELS</b>
Tassin	Items met verskillende teksture en gewig, byvoorbeeld hout, skulpe, skuurpapier, 'n klip, 'n metaalvurk, leer, rubber, satyn, wol, fluweel, en 'n spyker.
Sig	'n Kartonbuis, brillense met gekleurde sellofaan gekleur, 'n verkyker, 'n spieël, gekleurde patrone en hoede.



Reuk	Botteltjies met verskillende substansies waaraan geruk kan word, byvoorbeeld naellakverwyderaar, waspoeier, asyn, parfuum, vanielje, lyfroom en gesigseep.
Smaak	Botteltjies met verskillende substansies waaraan daar geproe kan word, byvoorbeeld sout, suurlemoensap, koeldrank, sjokolade en asyn.
Gehoor	Die navorser maak gebruik van musiek of die natuurlike geluide wat in en om die speelkamer gehoor kan word.

Die bespreking van die kliënt se sensoriese belewenisse is belangrik, omrede dit 'n weg na die emosies van die kliënt open. Die navorser het uit eie ervaring 'n voorbeeld met 'n kinderkliënt hier rondom ervaar. Die konsultasie is begin met sensoriese kontakmaking en toe die seuntjie by die tasvoorwerpe kom, het hy genoem dat die blokkie staal hom herinner aan sy ongehoorsaamheid aan sy moeder. Hierdie belewenis het 'n weg oopgemaak tot by sy emosies van vrees rondom twee insidente in sy lewe en die verdere konsultasie is daaraan spandeer.

Indien die navorser nie hulpmiddels vir sensoriese kontakmaking byderhand het wanneer daar met 'n volwassene of kind gewerk word nie, maak eersgenoemde gebruik van die omliggende kantoorruimte. Byvoorbeeld die tekstuur van die stoel waarop die kliënt sit, mag dien as hulpmiddel vir die tassintuig, of die voorwerpe in die kantoor kan dien as hulpmiddel vir sig. Die navorser berei gereeld minderjarige slagoffers van seksuele oortredinge voor vir hul getuienisaflegging in die hof. Die slagoffers word na die hofsaal vergesel en die navorser fokus vir die eerste paar minute uitsluitlik op sensoriese belewenisse deur te fokus op al hul sintuie en dit wat hulle binne die hofsaal ervaar.

### 3.2.6 Ek-jy -verhouding

Bogenoemde begrip kan in die volgende woorde verduidelik word: *Gestalt therapy is based on the coming together of two persons in an atmosphere where the therapist respects the personhood of his patient* (Smith, soos aangehaal deur Blugerman, 1986:71). Volgens Yontef (1993:18) fokus die Gestaltbenadering op die kliënt se ervaring sowel as die terapeut se waarneming van dit wat nie in die kliënt se bewustheid is nie. Dit lei daartoe dat die kliënt soos 'n gelyke in die terapeutiese verhouding beskou word wat volle toegang het tot die data van sy eie belewing omdat hy dit direk ervaar (innerlik), maar ook van buite soos deur die terapeut waargeneem.

'n Belangrike aspek van die terapeutiese verhouding is verantwoordelikheid. Beide die terapeut en kliënt is verantwoordelik vir hulself. Indien die terapeut verantwoordelikheid vir die kliënt aanvaar, gaan hy in samevloeiing met die kliënt wat nie selfverantwoordelik voel nie en versterk dit laasgenoemde se nodigheid vir manipulasie as gevolg van die geloof dat hy nie in staat is om homself te ondersteun nie. Die terapeut is volgens Yontef (1993:18) verantwoordelik vir die volgende:

- die kwaliteit en kwantiteit van hul teenwoordigheid;
- kennis rakende hulself en die pasiënt;
- die handhawing van nie-bedreigende nie-verbale gedrag; en
- om die kontak en bewustheidsprosesse helder te hou.

### 3.2.7 Dialoog

Hierdie bespreking sluit by die ek-jy -verhouding aan omdat die term dialoog gebruik word om die verhouding tussen die terapeut en kliënt te omskryf. Dit behels dat die verhouding groei deur middel van kontak wat tussen die terapeut en kliënt plaasvind. Vier kenmerke van dialoog word onderskei en Yontef benoem (1993:9) dit soos volg:

### **3.2.7.1 Insluiting**

Die terapeut plaas homself in die ervaring van die kliënt sonder veroordeling, analise of interpretasie. Insluiting verskaf 'n omgewing waar die kliënt veilig kan voel, en omdat die terapeut begrip vir die ervarings van die kliënt verbaliseer, help dit om die kliënt se bewustheid te verhoog.

### **3.2.7.2 Teenwoordigheid**

Die persoonlike teenwoordigheid en die gee van die self. Hierdie teenwoordigheid van die terapeut word benut om die kliënt te help om homself te ontdek, eerder as om die kliënt te manipuleer om by doelwitte uit te kom.

### **3.2.7.3 Toewyding ( Commitment )**

Kontak tussen die terapeut en kliënt gebeur indien die betrokke partye hulle daarvoor oopstel. Die terapeut laat dus kontak toe om te gebeur eerder as om dit te manipuleer en die uitkoms te kontroleer.

### **3.2.7.4 Dialoog is lewend**

Enige nie-verbale vorm van kommunikasie wat uitdrukking gee en energie tussen die terapeut en kliënt beweeg. In aansluiting by bogenoemde beskou Phillipson (1998:2 ) dialoog in die Gestaltbenadering as hoofsaaklik nie-verbaal. Die terapeut kan dialoog bewerkstellig deur middel van die uitdrukking in sy oë of die aanpassing van die afstand tussen hom en die kliënt, eerder as om elke keer 'n verbale respons te gee. Verder word die terapeut 'n ander werklike persoon in terapie en nie 'n ondersteuner of helper nie. Die terapeut sal soms ondersteun of help, uitdaag of frustreer, maar dit sal uit kontak en opregtheid vloei, eerder as om die kliënt te manipuleer om beter te voel.

### 3.2.8 Verantwoordelikheid

Van die eksistensialisme beskou Perls dit dat elke mens verantwoordelikheid vir sy eie bestaan moet neem (Blugerman, 1986:71). Volgens die Gestaltbenadering word persone beskou as verantwoordelik in die bepaling van hul eie gedrag. Wanneer verantwoordelikheid en verwagtinge van ander ( *shoulds* ) verwar word, druk en manipuleer persone hulself en is daar dus nie sprake van integrasie en spontaniteit nie. Die gevolg hiervan is dat die persoon se behoeftes ( *wants* ) en reaksie op die omgewing geïgnoreer word en so iemand rebelleer teen die verwagtinge (Yontef, 1993:13).

Daar moet egter ook 'n onderskeid getref word tussen dit wat 'n persoon kies en die gegewe. Persone is verantwoordelik vir hul keuses. Om buite-faktore of andere (byvoorbeeld gene of ouers) te blameer vir keuses wat die self gemaak het, is selfmisleiding. Om egter verantwoordelikheid te neem vir iets wat nie gekies is nie, is ook misleiding (Yontef, 1993:13).

### 3.2.9 Selfondersteuning

Volgens Zinker (soos aangehaal deur Corey, 1990:319) kan daar drie doelstellings met Gestaltterapie onderskei word, waarvan selfondersteuning as een beskou word. Die kliënt moet dus geleer word hoe om homself te ondersteun, in plaas daarvan om na ander te kyk vir hierdie ondersteuning.

Die ontwikkeling tot 'n volwasse persoon is een van die belangrikste einddoelwitte in terapie (Aronstam, 1989:639). Volwassewording word deur Perls (soos aangehaal deur Aronstam, 1989:639) gedefinieer as: *The transcendence from environmental support to selfsupport*. Die volwasse persoon het nog steeds ander persone in sy omgewing nodig en impliseer nie 'n outistiese en selfgenoegsame eenheid nie. Gesonde selfondersteuning impliseer iemand wat begrip het vir die verhouding tussen homself en sy omgewing soos wat die dele van die liggaam instinktief hulle verhouding tot die liggaam as geheel besef (Aronstam, 1989:639).

Volgens Woldt & Stein (soos aangehaal deur Schoeman, 1996:55) behels selfondersteuning ook die verhouding tussen die self en sy behoeftes. Dit behels dat die gestalt in ewewig geplaas moet word deur middel van motoriese funksies soos ontspanningsoefeninge wat in Gestaltterapie benut word deur middel van asemhalingsoefeninge. In Gestaltterapie word ontspanningsprosedures aangewend ten einde geblokte energie binne die spiersamestelling van die individu vry te stel sodat die energie aangewend kan word om die individu se primêre behoeftes te bepaal en in balans te bring.

Selfondersteuning is ook 'n belangrike deel van die Gestaltproses wanneer dit van toepassing gemaak word op terapie. Wanneer kinders of volwassenes in terapie betrokke is, is dit belangrik om elke individuele konsultasie met 'n selfondersteuning- of selfvertroetelingsaksie af te sluit. Volgens die Gestaltproses laat 'n konsultasie met 'n kind plek vir twee selfondersteuningsaksies (Schoeman, 2000:12), naamlik om die konsultasie te eindig met 'n aktiwiteit wat genotvol is vir die kind, maar ook sy eie keuse is, en tweedens om die kind aan te moedig om 'n aktiwiteit by die huis te gaan uitvoer waarvan hy hou.

### **3.2.10 Hier-en-nou**

Die Gestaltbenadering plaas die fokus van terapie in die hede. Alhoewel die invloede van gebeurtenisse in die verlede en verwagtings van die toekoms nie ontken word nie, kan werklike groei nie plaasvind deur die verlede te herskep of die toekoms te voorspel nie. Die enigste realiteit waarmee die kliënt kan werk, is die hier-en-nou omdat hy dit slegs in die hede kan ervaar. Gebeurtenisse uit die verlede is óf reeds geassimileer en dus deel van die persoonlikheid, óf word saamgedra in die vorm van onvoltooidhede wat huidige behoeftebevrediging dwarsboom. Die gestaltterapeut stel belang in hóé hierdie onvoltooidhede die gedrag van die kliënt in die hede (hier-en-nou) beïnvloed. Om in die verlede of toekoms vas te haak beteken om die hede - en dus ook die werklike ervaring - te

vermy. Die kliënt word dus aangemoedig om telkens sy ervarings in die hier-en-nou te beleef (Aronstam, 1989:640). 'n Voorbeeld hiervan is waar 'n kliënt byvoorbeeld onvoltooidheid rondom 'n verhouding met 'n betekenisvolle ander ervaar en daardie persoon na die terapiekamer gebring word (simbolies) sodat 'n dialoog met hom gevoer kan word.

Om aan te sluit by bogenoemde noem Yontef (1993:19) dat nou die betrokke oomblik impliseer. Ervaringe van die afgelope minute, dae of jare wat op die huidige oomblik belangrik is, word hanteer. Die Gestaltbenadering beweeg vanaf praat oor na die direkte ervaring. So byvoorbeeld word daar gepraat mét die persoon wat nie teenwoordig is nie in plaas daarvan om ván die persoon te praat. Die feit dat 'n kliënt die geleentheid kry om (simbolies) direk met 'n betekenisvolle ander in 'n konsultasie te kan praat, mobiliseer direkte ervaring van gevoelens.

### **3.2.11 Eksperiment**

Volgens Phillipson (1998:5) het die eksperiment 'n sekere funksie in die Gestaltbenadering, maar beskou hy dit nie as 'n metode van gedragsmodifikasie nie. Hy sien dit eerder as 'n geleentheid vir die kliënt om sy beperkinge te verken met betrekking tot sy gedrag en verhoudinge. Dit skep ook 'n geleentheid om vervreemde moontlikhede te integreer terwyl die kliënt sy angstigtheid daar rondom leer ken. Deur middel van die eksperiment kan die kliënt sy verhouding met die omgewing verken en nuwe maniere probeer om daarmee te identifiseer. Die idee agter hierdie hantering is om 'n veilige plek te hê waar die kliënt na die onbekende kan beweeg en 'n kans kan waag om anders op te tree. 'n Voorbeeld van 'n eksperiment wat in Gestaltterapie benut kan word, is die leë-stoel-tegniek. Hierdie tegniek word meer volledig onder punt 3.3 bespreek.

### **3.2.12 Polariteite**

Polariteite veronderstel teenoorgesteldes. Elke individu openbaar negatiewe en positiewe aspekte binne sy funksionering. Negatiewe aspekte word die skadukant van die individu

genoem. Dit verteenwoordig dié dele wat die individu graag binne sy self sal wil vergeet. Hierdie skadukante is dikwels 'n magdom introjeksies (Bloem, 1995:65). Dit is nodig om deur middel van sekere tegnieke polariteite aan die kliënt uit te wys sodat hy dit kan verstaan en sy gevoelens rondom dit kan besit. Sodra die kliënt hierdie polariteit aanvaar, kan integrasie plaasvind. Volgens die Gestaltterapeutiese proses wat spesifiek op kinders van toepassing gemaak word, word polariteite deurlopend in die proses teëgekrom (Schoeman, 2000:12). Polariteite word gebruik om balans te bring en verandering te bewerkstellig. 'n Polariteit kan met betrekking tot gedrag of emosie uitgewys word. So byvoorbeeld kan 'n kind wat gedurig fokus op die aangename emosies in sy lewe, ook gevra word om die tye te noem wanneer hy nie gelukkig of bly voel nie.

Die belangrikheid om met polariteite te werk word deur Oaklander (1978:157) beklemtoon. Die jong kind is bang vir sowel die verdeling ( *splits* ) binne homself, as dit wat hy in die volwassenes se lewe waarneem. Gevolglik voel hy verward as hy woede en haat ervaar teenoor iemand vir wie hy lief is. Die kind vind dit moeilik om dié dele van homself waarvan hy nie hou nie of wat sy ouers kritiseer, te aanvaar. Sy ouers beskuldig hom van genotsugtigheid indien hy eerder sal speel as om met die takies in die huis te help. Gevolglik begin die kind wonder of hy nie werklik selfsugtig en lui is nie. Soos wat hy homself verag en wegdraai van dié dele in homself, word die gaping tussen sy teenoorgestelde kante soveel groter. Dit veroorsaak fragmentasie en vervreemding van die self. Integrasie van 'n persoon se teenoorgestelde kante, negatief en positief, is 'n voorvereiste vir 'n gesonde lewensproses.

Volgens Oaklander (1978:158) kan polariteite in speltherapie met kinders op verskillende maniere gebruik word. Een hiervan is om byvoorbeeld vir 'n kind te vra om tekeninge te maak van iets wat jou gelukkig maak en iets wat jou hartseer maak of teken hoe jy voel as jy ontspanne is en wanneer jy gespanne is .

Die navorser is van mening dat polariteit en die uitwys daarvan vir die persoon/kind die geleentheid gee om in kontak te kom met sy menslikheid. Dit word as menslik beskou om polariteit te voel, te dink en te leef.

### **3.2.13 Die struktuur van die persoonlikheid**

Fritz Perls het vyf vlakke van neurose geïdentifiseer. Die buitenste laag staan bekend as die sintetiese laag. Hierdie laag van die persoonlikheid verteenwoordig die rolle wat mense speel (Vergelyk Aronstam, 1989:635 en Thompson & Rudolph, 1996:143). Vir Perls kom dit ooreen met Helene Deutsch se beskrywing van die asof - (as if) persoon. Die mens tree byvoorbeeld op asof hy 'n student is, asof hy intelligent is. Die nastreef van hierdie asof -houdings vereis van die persoon om 'n konsep of fantasie na te streef wat hy self of andere geskep het. Volgens Aronstam (1989:635) is hierdie asof -gedrag gerig op vermyding van die werklike self. Die persoon wil dus iemand anders wees en nie homself nie, wat tot 'n situasie van ontevredenheid lei. Die voorskrifte van die samelewing van hoe byvoorbeeld 'n goeie Afrikaner of 'n goeie Christen moet wees, plaas nog meer druk op die persoon om veral daardie dele van homself wat nie inpas by sy asof -gedrag nie, te ontken. Ontkenning van sekere dele van die persoonlikheid veroorsaak gapings of onvoltooidhede, wat die persoon dan weer vul met namaaksels van wat daar behoort te wees. Met ander woorde, die mens tree op asof hy oor die eienskap beskik wat van hom verwag word.

Die ander vier lae van neurose soos deur Perls uiteengesit is soos volg:

#### **3.2.13.1 Fobiese laag**

Die hoofkenmerk van hierdie laag is die mens se weerstand om te wees wat hy kan wees (Aronstam, 1989:635). Volgens Thompson & Rudolph (1996:143) word die negatiewe aspekte van die self ontken of vermy uit vrees vir verwerping en weens gevoelens van ontoereikendheid.

#### **3.2.13.2 Impasse**



n Gevoel van doodsheid oorheers in hierdie laag en dit is die moeilikste fase in terapie om te verwerk (Aronstam, 1989:635). Volgens Thompson & Rudolph (1996:143) glo die persoon in hierdie fase dat hy nie oor die nodige hulpbronne of kragte vir verandering beskik nie. Hy is nie gemotiveer om te verander nie. Weerstand in dié fase is op die voorgrond.

### **3.2.13.3 Implosiewe laag**

Die individu het weerstand oorbrug en ontdek nuwe kragte in homself. Bewustheid en selfinsig lei tot eksperimentering met nuwe gedrag (Thompson & Rudolph, 1996:143).

### **3.2.13.4 Eksplosiewe laag**

Energie wat voorheen op verdedigingsmeganismes verspil is, word nou aangewend om behoeftes en wense volgens die ware self te bevredig. (Thompson & Rudolph, 1996:143)

Volgens Perls is die egte persoonlikheid gestroop van al die onegte, aangeleerde wyses van in-die-wêreld-wees. Die egte persoonlikheid word gekenmerk deur bewustheid, is selfregulerend en selfonderhoudend, strewe na die vorming van goeie gestalte en is toepaslik in kontak met die self en die omgewing.

## **3.3 TEGNIEKE IN GESTALTTERAPIE**

Volgens Aronstam (1989: 641) word die werkwyses of tegnieke in die Gestaltbenadering nooit uit verhouding met die proses van terapie gebruik nie. Enige gebruik van gestalttegnieke asof dit n doelwit op sigself is, word verwerp en is nie Gestaltterapie nie. Tegnieke in spelterapie word hoofsaaklik gebruik om bewustheid te verhoog en integrasie te bewerkstellig. Dit word deur Oaklander (1978:194) bevestig wanneer sy noem dat tegnieke

in speltherapie nie die alfa en omega is nie. Die tegniek is slegs 'n instaatsteller terwyl die essensie in speltherapie is om in kontak met die kind te bly.

Daar bestaan 'n wye verskeidenheid tegnieke in die Gestaltbenadering. Vervolgens word slegs 'n paar uitgelig.

### **3.3.1 Die stel van vrae**

Volgens Aronstam (1989:641), asook Schoeman (1999:106), word die stel van vrae wat onder andere nie op bewustheid fokus nie, vermy. Dit is veral 'hoekom'-vrae wat vermy word omdat dit die kliënt die geleentheid bied om na redes te soek vir sy gedrag sonder om sy eie verantwoordelikheid te erken. Die kleuter kan byvoorbeeld op 'hoekom'-vrae reageer met die antwoord 'sommer'. 'n Vraag wat begin met, 'wat maak dat jy ...' is meer effektief aangesien dit die kleuter die geleentheid gee om sy gedagtes of emosies uit te druk.

Daar is veral vyf vrae wat Perls suksesvol gebruik het omdat die kliënt hulle slegs kan beantwoord tot die mate wat sy vlak van bewustheid toelaat. Die terapeut kan vra: 'Wat is jy besig om te doen?' ; 'Wat verwag jy?' 'Wat voel jy?' en 'Wat vermy jy?'. Dit is belangrik dat die terapeut ook sal let op die kliënt se liggaamshouding wanneer hy vrae beantwoord.

In hierdie verband noem Perls dat 'everything the patient does, obvious or concealed, is an expression of the self' (Perls, soos aangehaal deur Aronstam, 1989:642).

### **3.3.2 Droomverwerking**

Die droom is vir Perls een van die mees unieke skeppings van die mens, aangesien daar geen bewuste manipulasie van die droominhoud kan plaasvind nie. In die Gestaltbenadering word die droominhoud gebruik soos wat die dromer dit vertel. Elke element in die droom word gesien as 'n ongeïntegreerde en onvoltooide deel van die persoonlikheid. Die

Gestaltterapeut poog geensins om interpretasies van die droom te maak nie, maar help die kliënt om sy droom te ervaar en deur te werk ten einde integrasie te bereik. Droomverwerking word in die hier-en-nou gedoen deurdat die pasiënt gevra word om die droom in die hede te beskryf, te ervaar en te beleef. Nadat al die droomelemente deurgewerk is, kan die kliënt 'n dialoog begin voer tussen die verskillende elemente van die droom. Hierdeur raak die kliënt bewus van die vervreemde dele van sy persoonlikheid en kan hy begin om integrasie te bereik (Aronstam, 1989:642).

Hierdie tegniek kan kortliks soos volg voorgestel word (Schoeman, 1999:107):

- die kliënt projekteer 'n droom deur middel van enige medium;
- die droom word in die hede vertel;
- die dele van die droom word uitgespeel, dit wil sê die objekte binne die droom voer dialoog met mekaar;
- die kliënt stel 'n einde aan die droom voor;
- die kliënt word gevra watter boodskap hy dink die droom oordra.

### **3.3.3 Semantiese opklarings**

Vir Perls (soos aangehaal deur Aronstam, 1989:643) was die klem op woordgebruik belangrik, en het hy kliënte gereeld versoek om sekere woorde te vervang of selfs te beklemtoon. Hy het byvoorbeeld sterk klem gelê op voornaamwoorde en die kliënt gevra om dit meer persoonlik te maak.

Byvoorbeeld:

Kliënt:           'n Mens kan nooit jou vrou tevrede stel nie.

Terapeut:       Probeer sê:   Ek kan my vrou ook nooit tevrede stel nie .

Indien die kliënt die sin herhaal het, vra die terapeut of daar enige verskil is indien hy dit op hierdie manier sê.

Volgens Schoeman (1999:107) kan die voornaamwoorde soos *in mens* ook lei tot verskeie introjeksies by kinders indien dit deurlopend gebruik word. In hierdie geval word daar byvoorbeeld vir *in kind gesê* dat *in Mens* elke Sondag moet kerk toe gaan sonder dat daar *in rede* of verduideliking daarvoor verskaf word. Wanneer ouers wil dissiplineer, of selfs sekere waardes wil oordra, is dit belangrik dat dit verduidelik sal word, anders kan introjeksies by die kind ontstaan. Introjeksies word deur Schoeman (1999:107) beskryf as *in* aanvaarding van iets sonder om daarvoor na te dink (sien ook 3.2.2.1 vir verdere verduideliking oor introjeksie).

Die opklaring van woorde soos *kan nie* en *wil nie* is ook belangrik. Die kliënt sal byvoorbeeld *sê* dat sy *nie kan huil nie*. Die terapeut sal haar aanmoedig om twee sinne, naamlik *Ek kan nie huil nie*, en *Ek wil nie huil nie* te herhaal. Die terapeut sal die kliënt hierna vra watter een van die twee sinne korrek voel (Aronstam, 1989:643).

### **3.3.4 Die leë-stoel-tegniek**

Die kliënt plaas vervreemde dele van homself of ander persone in *in leë stoel* wat voor hom staan. Dan vind *in* dialoog plaas tussen hom en wie ook al in die leë stoel is. Die kliënt verwissel ook stoele terwyl die dialoog aan die gang is. Hierdeur kry die kliënt groter insig in sy onvoltooidhede (Aronstam, 1989:642). Volgens Oaklander (1978:151) word hierdie tegniek gebruik om onvoltooidhede na die hier-en-nou te bring. Die skrywer noem *in* voorbeeld van *in* persoon wat gevoelens of dinge wat nog nooit geverbaliseer is nie, aan *in* oorlede ouer oordra. Die ervaring om die ouer in die leë stoel te plaas en direk te *sê* wat *gesê* moet word, in plaas daarvan om daarvoor te praat, is *in* kragtige werkswyse en dien gevolglik as metode om voltooidheid te bereik. Die leë-stoel-tegniek help om onverwerkte situasies uit die verlede na die hede te bring.

## **4. SAMEVATTING**

Deur middel van bewustheid ontdek persone hoe hulle funksioneer. Bewustheid sluit kennis (gedagtes), gevoelens, gedrag en sensoriese belewenisse in. Tegnieke wat bewustheid verhoog, word gebruik en vind die ervaringe van die pasiënt in die hier-en-nou plaas. Terapie vind plaas in 'n ek-jy -verhouding waar die kliënt soos 'n gelyke in die terapeutiese verhouding beskou word. 'n Belangrike aspek van die terapeutiese verhouding is verantwoordelikheid wat prakties impliseer dat die kliënt vir homself verantwoordelik is.

Die doelstellings van Gestaltterapie is bewustheid, integrasie en selfondersteuning. Integrasie vind plaas wanneer die kliënt die polariteite binne sy funksionering aanvaar. Selfondersteuning impliseer dat die kliënt geleer word om homself te ondersteun, in plaas daarvan om na ander te kyk vir hierdie ondersteuning.

Die tegnieke in Gestaltterapie vind nooit uit verhouding met die proses van terapie gebruik nie. Vier tegnieke is in hierdie hoofstuk bespreek, naamlik die stel van vrae, droomverwerking, semantiese opklarings en die leë-stoel-tegniek.

Die Gestaltbenadering is een van verskeie benaderings vir die ontsluiting van die mens se funksionering en gedrag in die wêreld. Die filosofie en werkwyse van die Gestaltbenadering is bewys in die resultate wat gelewer is. In Hoofstuk 4 sal die prototipe van die Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers uiteengesit word.

# HOOFSTUK 4

## ONTWERP VAN 'N PROTOTIPE GESTALTBEGELEIDINGSPROGRAM

### 4.1 INLEIDING

Hierdie begeleidingsprogram het ten doel om op voorkomende vlak te werk. Terapie vind gewoonlik plaas wanneer die kinderkliënt se balans reeds in so mate versteur is dat hulp benodig word. Hierdie program fokus op die ouers van kleuters; hulle is dus die teikengroep wat die program gaan deurloop en toepas.

### 4.2 RESULTATE VAN VRAELYSTE

Die doel van die vraelys was om inligting in te samel oor ouers se ouerskapstyl, behoeftes met betrekking tot hul kleuter(s) en om die inhoud vir 'n prototipe program te bepaal. Tydens die aanvang van die ondersoek is drie versorgingsoorde genader sodat ouers van kleuters hul menings en behoeftes rondom die opvoeding van hul kleuter(s) kon uitspreek. Die vraelys word as Bylaag 1 aangeheg. Die verwerking van die vraelyste het die volgende getoon:

#### Vraag 1

Hierdie vraag wou bepaal of die lede bewus daarvan is dat hulle as ouers 'n rol speel in die ontwikkeling van hul kind se selfbeeld. 32 ouers (100%) het ja geantwoord en geen respons is by nee aangedui nie.

Uit die respons op hierdie vraag, is dit duidelik dat die ouers wat die vraelys voltooi het, hulle rol in die ontwikkeling van die kleuter se selfagting erken. Dit stem ooreen met literatuur wat meld dat die kleuter se selfagting gebaseer is op sy persepsie van hoe betekenisvolle volwassenes in sy lewe hom beoordeel (vergelyk Botha *et.al.*, 1998:289 & Katz, 2002:1). Dit word deur Louw (1990:388) bevestig wanneer hy verwys na studies van Coopersmith wat

gedoen is oor die selfkonsep en veral selfagting van kinders. Hieruit blyk dit onder andere dat die wyse waarop kinders deur volwassenes - veral ouers - behandel word, 'n belangrike rol in die ontwikkeling van hul selfagting gespeel het. Wenke vir ouers om selfagting by kleuters te versterk word onder 2.6.1 uiteengesit.

#### Vraag 2

Hierdie vraag het gehandel oor die wyse waarop die ouer reageer indien die kind iets aan hom vertel. Een ouer (3,13%) het aangedui dat hy sy kind in die rede val met dit wat hy van die saak dink. Vyf ouers (15,63%) het aangedui dat hulle eers klaar luister voordat hulle hul mening gee, en 26 ouers (81,25%) het aangedui dat hulle hul kinders aanmoedig om verder te vertel deur woorde soos ja, Mmm of O te gebruik.

Uit die respons op hierdie vraag, is dit duidelik dat 26 (81,25%) van ouers wat die vraelys voltooi het, van passiewe luister (sien 2.4.2.1.1 wat verduidelik hoe passiewe luister gebruik word) gebruik maak in hul kommunikasie met hul kleuter.

#### Vraag 3

Op die vraag op watter wyse die ouer reageer indien die kind die reëls oortree, het 12 ouers (37,5%) aangedui dat hulle die kind vra hoekom hy dit gedoen het, 7 ouers (21,88%) het aangedui dat hulle die kind vra of hy nie ore het nie en dat die ouer mos gesê het dat die kind dit nie mag doen nie, en 13 ouers (40,63%) het aangedui dat hulle reageer deur te sê hoe hulle voel en wat die gevolge van die daad mag wees.

Uit die respons op hierdie vraag, is dit duidelik dat 13 (40,63%) van ouers wat die vraelys voltooi het, van die ek-boodskap gebruik maak wanneer hul kleuter reëls oortree (sien 2.4.2.1.3 oor hoe die ek-boodskap gebruik word).

#### Vraag 4

Hierdie vraag het gehandel oor die ouer se reaksie indien die kind sy gevoelens wys. 8 ouers (23,53%) het aangedui dat hulle met die kind daaroor raas, 20 ouers (58,82%) het aangedui

dat hulle hul kind sal vra wat fout is en 6 ouers (17,65%) het aangedui dat hulle hul kind sal ignoreer.

Uit die respons op hierdie vraag, is dit duidelik dat 20 (58,82%) van ouers sal reageer op hul kleuter se gevoelens deur hom te vra wat fout is. Aktiewe luister (Van Jaarsveld, 1989:50) vind plaas indien die ouer se gevoel van die kleuter sou opmerk en dit in sy eie woorde aan die kleuter sou terugkaats of reflekteer. Op hierdie wyse kan die ouer toon dat hy begrip het vir sy kleuter se gevoel eerder as om gedrag te openbaar wat daartoe lei dat die kleuter sy gevoel onderdruk. Volgens Botha *et.al.* (1998:286) speel ouers se ouerskapstyl 'n rol in die kleuter se ontwikkeling van empatie. Ouers wat warm, aanmoedigend en empaties teenoor hulle kinders is, se kinders openbaar ook empatiese gedrag teenoor andere. Die navorser is van mening dat die meganismes wat bydrae tot sosialisering (Botha *et.al.*, 1998:312) ook van toepassing is op die uitdrukking van gevoelens. Die sosialisering van die kleuter vind plaas deur middel van onder andere waarnemingsleer en nabootsing en identifikasie. Waarnemingsleer vind plaas wanneer die kleuter leer deur middel van waarneming. Die navorser is van mening dat indien die ouer sy eie of die kleuter se gevoelens onderdruk of ontken, die kleuter dieselfde kan doen op grond van waarneming. Nabootsing en identifikasie is die modellering van 'n rolmodel se gedrag. Weereens, indien die ouer sy eie of die kleuter se gevoelens onderdruk of ontken, mag die kleuter hierdie optrede naboots.

#### Vraag 5

Die ouers se mening of kinders die reg het om hul gevoelens te wys, ongeag wat dit is, is deur hierdie vraag getoets. 32 ouers (100%) het 'ja' geantwoord en geen respons is by 'nee' aangedui nie.

#### Vraag 6

Hierdie vraag moes voltooi word indien die respons op Vraag 5 'nee' was. Geen 'nee' respons is egter by Vraag 5 aangedui nie.

#### Vraag 7



Hierdie vraag moes voltooi word indien die respons op Vraag 5 ja was. Vier ouers (11,76%) het aangedui dat kinders hul gevoelens kan wys sodat hulle geleer kan word om dit nie te onderdruk nie. 21 ouers (61,76%) het aangedui dat die uiting van gevoelens belangrik is in die kind se huidige verhoudings, maar ook in sy latere volwasse verhoudings. 9 ouers (26,47%) het aangedui dat kinders die reg het om hul gevoelens te wys, selfs al is dit slegte gevoelens.

#### Vraag 8

Die manier waarop die ouer kommunikasie met die kind aanmoedig, is deur hierdie vraag geëvalueer. Geen respons is by die eerste afdeling dit kom gewoonlik van my kind se kant af - gekry nie. 16 ouers (48%) het aangedui dat hulle hul kind uitvra na die dag se gebeure en wat hy gedoen het. 17 ouers (52%) het aangedui dat hulle gedurig met hul kind oor allerhande dinge gesels.

#### Vraag 9

Hierdie vraag was in die vorm van 'n oop vraag en het gehandel oor die optrede van die kleuter wat vir die ouer moeilik is om te begryp. 29 ouers het wel die vraag beantwoord, terwyl 3 ouers geen respons gehad het nie. Terugvoer van ouers word onder Tabel 4.1 uiteengesit.

**TABEL 4.1: GEDRAG VAN KLEUTER**

<b>GEDRAG VAN KLEUTER</b>	<b>N</b>
Onsekerheid oor koorekte metode van straf	1
Huilerig oor dit wat hom hinder	1

Kleuter vat kanse, selfs al het ouer reeds daaroor gepraat	1
Kleuter onthou lelike woorde	1
Gooi goed/gil indien hy nie sy sin kry nie	1
Luister nie altyd (met betrekking tot dissipline)	3
Kleuter se reaksie indien ouer hom iets vra, met hom gesels of raas	1
Kleuter wat nie toilet wil gebruik nie ("potty training")	2
Swak gedrag in geselskap	2
Wil net lekkers eet	1
Wil nie alleen slaap nie	1
Weier om gaar groente te eet	1
Eerder aan pa gehoorsaam as aan ma	1
Skreeu op ouers en praat terug	1
Eiesinnig	3
Huil as hy nie sy sin kry nie	3

Deel moeilik	1
Vroetel met hande/voete; altyd besig; woel terwyl slaap	1
Soek skoor met sibbe	1
Wanneer sy kwaad is, wil sy niks met iemand te doen hê nie	1
Huil, maar die ouer weet nie waarom nie	1
Regressie by huis (wil doeke dra en bottel drink)	1
Ma moet alles vir hom doen	1
Vra iets, maar as ouer dit gee, wil hy dit nie meer hê nie	1
Ouers twyfel of hul korrek optree in sekere situasies	1
Huil maklik oor klein onbenullighede	1
Frustrasies van kleuter	1
Tydsaamheid	1
Dagdromery	1
Afknou van maats	1

n = frekwensie

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat kleuters se ongehoorsaamheid, eiesinnigheid en huil as hul nie hul sin kry nie, die gedrag is wat die meeste deur ouers benoem is as moeilik om te verstaan. Hierdie gedrag wat die meeste voorkom, stem ooreen met literatuur oor sekere kenmerkende eienskappe van die kleuter se ontwikkelingstadium. Ongehoorsaamheid kan moontlik gekoppel word aan die feit dat kleuters nog nie self kan oordeel wat reg en verkeerd is nie (Kitching, 2000:90). Verder is herhaling en geduld met die kleuter nodig (sien 2.4.1.3 wat handel oor dissipline en straf). Eiesinnigheid is vir die navorser sinoniem met eiewilligheid. In hierdie verband is die ontwikkeling van die kleuter se onafhanklikheid 'n integrale deel van die ontwikkelingstadium (Vergelyk Meyer & Van Ede, 1998:54 en Roos & Vlok, 1985:36). Die kleuter oefen dus om 'n selfstandige mens te word deur sy eie wil te laat geld (sien 2.3.1 wat handel oor Erikson se teorie van menslike ontwikkeling). Die kleuter mag laastens woedebuie gebruik, wat huil kan insluit, indien hy nie sy sin kry nie. Woedebuie word as 'n normale fase in die kleuter se ontwikkeling beskou aangesien dit 'n manier is om woede en frustrasie uit te druk (Lorenz, 2000:1). Sien ook 2.3.2.3 wat handel oor woede en aggressie.

#### Vraag 10

Die ouer se belangstelling om meer van hul kind se leefwêreld en ontwikkeling te leer is deur hierdie vraag getoets. Ouers moes ook rede(s) hiervoor gee. 32 ouers (100%) het met 'n ja' aangedui dat hulle wel meer sal wil leer. Die rede(s) vir ouers se gewilligheid om meer te leer word in Tabel 4.2 uiteengesit.

#### **TABEL 4.2: REDE(S) OM MEER TE LEER**

<b>REDE(S) OM MEER TE LEER</b>	<b>N</b>
Emosionele/sielkundige fases van grootword	2
Wil kind se optrede beter verstaan	15
Wil betrokke wees by kind	6
Bewuswording van foutiewe optrede as ouer	1
Kind raak gou verveeld en ouer wil help	1
Wil hom help om te ontwikkel in n goed, opgevoede persoon	1
Glo dat daar altyd iets nuuts is om te leer	2
Dit sal opvoeding makliker maak	1
Wil beter ouer wees	2
Wil kind se ontwikkeling bevorder	1

n = frekwensie

Uit bostaande tabel is die twee hoofredes waarom ouers meer wil leer, die behoefte om hul kleuter se gedrag beter te verstaan en ook omdat hulle meer betrokke wil wees by hul kleuter(s).

### Vraag 11

Hierdie vraag was 'n oop vraag en ouers moes 'n aanduiding gee van die belangrikste les wat hulle hul kind sal wil leer. Die volgende is deur ouers genoem en word in Tabel 4.3 uiteengesit.

**TABEL 4.3: BELANGRIKSTE LES WAT OUER GRAAG AAN KIND WIL OORDRA**

<b>DIE BELANGRIKSTE LES</b>	<b>N</b>
Om selfstandig en verstandig op te tree	1
Reg en verkeerd	1
Jou keuse bepaal jou roete	1
Respek vir ouer mense	3
Om die goeie in mense raak te sien	1

Alles wat hy kan leer	1
Dat hy homself sal wees (aanvaarding van die self)	6
Eerlikheid	3
Opregtheid	1
Mededeelsaamheid	3
Wedersydse respek	1
Dissipline	1
Goeie maniere	2
Goeie menseverhoudinge	3
Kreatiwiteit	1
Respek vir self en ander	4
Nie woedebuie ( <i>tantrums</i> ) hê nie	1
Leef elke dag voluit vir Jesus	2
Dat ouer baie lief is vir hom en net die beste wil gee	3

Om in alles sy beste te gee, alhoewel dit nie nodig is om altyd te wen nie	1
Gehoorsaam te wees	1
Selfbeheersing	2
Op korrekte wyse uiting te gee aan emosies, byvoorbeeld woede	2
Glo in Hemelse Vader	4
Geduld	1
Nie terugstaan vir uitdaging nie	2
Om gevolge van optrede te hanteer	1
Gesonde selfbeeld	1
Glo in homself	1

n = frekwensie

Uit bostaande tabel blyk dit asof die belangrikste lesse wat ouers hul kleuters wil leer, is om hulself te aanvaar, respek vir hulself en ander persone te hê en om geloof in God te hê.

Die empiriese data wat deur middel van vraelyste verkry is, is deur die literatuurstudie bevestig. Hiervolgens het die navorser vyf temas geïdentifiseer wat aandag in die begeleidingsprogram sal geniet. Indien ouers in hierdie vyf areas kennis en leiding



ontvang, mag dit bydra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s). Die vyf temas is soos volg: bewusmaking, die kleuter se ontwikkelingsdinamika, kommunikasie, emosies, en straf en dissipline.

### **4.3. DIE GESTALTBEGELEIDINGSPROGRAM**

Die uiteensetting van die Gestaltbegeleidingsprogram sal soos volg daar uitsien:

- Werkswinkel 1: Bewusmaking
- Werkswinkel 2: Die kleuter se ontwikkelingsdinamika
- Werkswinkel 3: Kommunikasie
- Werkswinkel 4: Emosies
- Werkswinkel 5: Straf en dissipline

Die tema van Werskwinkel 1 is bewusmaking. Bewusmaking word beskou as 'n belangrike uitkoms in die Gestaltbenadering. Alvorens 'n kliënt bewus is van homself, sy gedrag of behoeftes, kan verandering nie plaasvind nie. Dieselfde geld vir ouers wat hierdie begeleidingsprogram sal deurloop. Elke ouer sal eerstens bewus moet word van hul eie prosesse en gedrag alvorens verandering kan plaasvind. Die ander vier temas, naamlik die kleuter se ontwikkelingsdinamika, kommunikasie, emosies, en straf en dissipline is, soos onder 4.1 genoem, geselekteer op grond van die behoeftes van die ouers wat deur die literatuurstudie bevestig is.

Die inhoud van die program word in vyf aanbiedings verdeel wat tweeweeklik in die vorm van 'n werkwinkel aangebied kan word. Die term werkwinkel word deur Weyers (1991:329) omskryf as 'n Werkwyse waardeur informele groepbesprekings oor 'n bepaalde onderwerp benut word en waarin die klem val op die wisselwerking van gedagtes en die demonstriering en toepassing van vaardighede, tegnieke en prosesse. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die werkwinkel 'n leersituasie is en dat ouers hul verworwe kennis of verhoogde bewustheid in interaksie met hul kleuter(s) sal gaan toepas.

Elke werkwinkel bestaan uit 'n inleiding, uitkomst, voorbereiding en hulpmiddels, aktiwiteite en evaluering. Die evaluering sal ná elke werkwinkel in dieselfde formaat gebruik word en die volgende vrae kan hiervoor benut word:

- Wat wil jy graag onthou van hierdie bespreking?
- Wat sal jy graag nou as ouer dieselfde/anders wil doen?
- Wat was vir jou positief/negatief van dié betrokke bespreking?
- Wat het jy van jouself ontdek?

Die evaluering moet op informele basis in groepsverband bespreek word. Daar moet ook gelet word op aspekte wat na aanleiding van die bespreking na die ouers se voorgrond getree het. Die ouers se voorgrondbehoefte kan tydens die evaluering of aan die begin van 'n volgende werkwinkel aandag geniet.

### **4.3.1 Werkwinkel een: Bewusmaking**

#### ***4.3.1.1 Inleiding***

Bewusmaking is 'n belangrike konsep in die Gestaltbenadering (sien 3.2.1). Bewusmaking word ook beskou as belangrik vir ouers. Die navorser is van mening dat alternatiewe ouerskapmetodes en die aanleer van nuwe vaardighede as ouer nie kan plaasvind deur slegs inligting te verskaf nie. Die ouer moet ook bewus word van sy eie prosesse en gedrag.

In hierdie verband moet die aanbieder hom ook vergewis van 3.2.2.1 wat handel oor introjeksie en assimilasie.

#### ***4.3.1.2 Uitkomst vir die werkwinkel***

- Om ouers die geleentheid te gee om bewus te word van die wyse waarop hulle as kinders deur hul ouers hanteer is en watter invloed dit op hul eie ouerskapstyl het;
- Om ouers die geleentheid te gee om hul ouerskapstyl na aanleiding van 'n vraelys te evalueer.

#### **4.2.1.3 Voorbereiding en hulpmiddels**

- 'n Draagbare CD-musiekspeler asook CD's met verkieslik instrumentele musiek, byvoorbeeld panfluit;
- Afskrifte van die verskillende tipe ouerskapstyle (Bylaag 2) wat as uitdeelstuk aan ouers verskaf word;
- Papiere en penne vir elke ouer.

#### **4.3.1.4 Aktiwiteit 1**

STAP 1:

Die aanbieder verduidelik dat, alvorens daar gelet kan word op die groep ouers se ouerskapstyle met hul kleuter(s), dit ook nodig is om deur middel van bewuswording te bepaal hoe hulle as kinders opgevoed is.

STAP 2:

Die ouers word opdrag gegee om hul oë te sluit (opsioneel, aangesien almal nie daarmee gemaklik is nie) en aan hul eie kinderjare te dink terwyl die musiek speel. Dink aan:

- algemene opvoedingstyl van ouers;
- watter positiewe en negatiewe herinneringe hulle van hul ouers se ouerskapstyl onthou.
- Hierdie aktiwiteit kan ongeveer vyf minute duur.

STAP 3:

Terugvoer oor die gewaarwording of gedagtes wat ouers ervaar het vir dié wat dit vrywillig met die groep wil deel. Vrae soos: waaraan hulle gedink het, watter gevoelens hulle NOU ervaar, en watter sensoriese ervarings hulle beleef het, kan gebruik word.

STAP 4:

Die koppeling met hul eie metode van ouerskap word hierna bespreek deur vir ouers te vra watter invloed hulle dink hul ouers se ouerskapstyl vandag op hulle as ouers het.

#### **4.3.1.5 Aktiwiteit 2**

STAP 1:

Ouers evalueer hulle opvoedingsgedrag of opvoedingstyl. Die evaluasie vind plaas deur vir elke ouer 'n afskrif van die verskillende tipe ouerskapstyle (Bylaag 2) te gee met die doel dat elke ouer dit op sy eie kan deurlees en homself binne een van hierdie kategorieë plaas (in sy gedagtes).

STAP 2:

Geleentheid vir ouers om hul emosies of gedagtes rondom hierdie oefening te bespreek.

#### **4.2.1.6 Evaluering**

Vir voorgestelde wyse waarop dit gedoen kan word, sien 4.2.

### **4.3.2 Werkswinkel twee: Die kleuter se ontwikkelingsdinamika**

#### **4.3.2.1 Inleiding**

Die navorser is van mening dat dit belangrik is om die teorie van die ontwikkeling van die kleuterkind ook op 'n eenvoudige wyse aan ouers te verduidelik. Die ouer sal gevolglik weet watter vaardighede, gedrag en ontwikkeling eie is aan die kleuterfase, wat kan lei tot meer begrip. Elke kind is uniek en ontwikkel teen sy eie tempo, maar die ontwikkelingsteorieë gee tog 'n riglyn van gedrag, kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling.

#### **4.3.2.2 Uitkomst vir die werkwinkel**

- Om inligting te verskaf sodat ouers kennis sal hê oor watter vaardighede, gedrag en ontwikkelingseienskappe eie aan hul kleuter is;
- Om bepaalde gedrag te bespreek wat vir ouers moeilik is om van hul kleuter te begryp.

#### **4.3.2.3 Voorbereiding en hulpmiddels**

- Die aanbieder moet hom vergewis van die inligting rondom die ontwikkelingsdinamika van die kleuter soos in Hoofstuk 2 verskaf.
- Hierdie inligting moet op só 'n wyse voorberei word dat die terme wat gebruik word, op eenvoudiger wyse aan ouers oorgedra kan word. Daar word verder voorgestel dat daar van voorbeelde gebruik gemaak word om die inligting toe te lig.

#### **4.3.2.4 Aktiwiteit 1**

Die unieke ontwikkelingsdinamika van die kleuter op alle vlakke, dit wil sê op kognitiewe, affektiewe, sosiale, morele asook persoonlikheidsontwikkeling, sal met ouers hanteer word.

#### **4.3.2.5 Aktiwiteit 2**

STAP 1:

Wenke rondom aspekte wat ouers soms moeilik begryp of moeilik vind om te hanteer, kan tydens hierdie aanbieding hanteer word, omdat dit dikwels gekoppel kan word aan die kleuter se ontwikkelingsdinamika.

Die moeilikhede wat ouers ervaar, soos tydens die verkryging van die empiriese data met behulp van vraelyste verkry is, kan as riglyn benut word (sien 4.2 en Tabel 4.1).

#### ***4.3.2.6 Evaluering***

Vir voorgestelde wyse waarop dit gedoen kan word, sien 4.2.

### **4.3.3 Werkswinkel drie: Kommunikasie**

#### ***4.3.3.1 Inleiding***

n Kind is altyd in kontak met sy omgewing (sien 3.2.2, 3.2.2.1, 3.2.2.2 en 3.2.2.3). Die langtermyn doelwit met betrekking tot kontakmaking is dat kleuters goeie ego-grense kan hê deurdat die ouers in hul opvoeding hierdie kontakversteurings kan voorkom. Die navorser is van mening dat hierdie versteurings voorkom kan word deur middel van positiewe kommunikasie tussen ouer en kind gedurende die kleuterfase.

Die navorser is van mening dat kommunikasie die basis van enige menslike verhouding is. Indien kommunikasie positief van aard is, lei dit tot positiewe emosies en selfs n hegter verhouding. Die teendeel is ook waar: indien kommunikasie negatief is, lei dit tot negatiewe emosies, misverstande en moontlik ook gevoelens van mislukking.

#### ***4.3.3.2 Uitkomst vir die werkswinkel***

- Om kontakversteurings te voorkom deur die bevordering van positiewe kommunikasie tussen ouer en kind gedurende die kleuterfase;

- Om ouers te begelei in die aanleer van positiewe kommunikasiestyle.

#### **4.3.3.3 Voorbereiding en hulpmiddels**

- Die aanbieder moet homself vergewis van die kennis met betrekking tot die kommunikasiewyses soos aktiewe, passiewe luister asook ek-boodskappe (sien 2.4.2.1);
- Die aanbieder moet hom ook vergewis van kommunikasie na aanleiding van die kleuter se kreatiwiteit (sien 2.4.2.2);
- Blaai bord en pen om die verskillende bestanddele van die bepaalde kommunikasiewyses op skrif weer te gee;
- Papier en pen vir elke ouer.

#### **4.3.3.4 Aktiwiteit 1**

STAP 1:

Ouers voer 'n praktiese oefening in groepverband uit. Hierdie oefening behels dat die een party (verteller) 'n gesprek begin oor 'n aspek van sy lewe wat op daardie stadium op die voorgrond is. Die ander party (luisteraar) sal vooraf die geheime opdrag ontvang om die verteller tydens die gesprek te veroordeel, te kritiseer en advies te gee.

STAP 2:

Hierna kan daar in die groter groep gepraat word oor die verteller se ervaring van die gesprek.

STAP 3:

'n Verband word tussen hierdie oefening en kommunikasie met die kleuter gelê. Indien 'n kleuter gesels oor dit wat vir hom belangrik is en die ouer toon nie begrip nie, is dit 'n totale miskening van wat hy as mens op daardie oomblik ervaar. Die sukses van aktiewe luister (sien 2.4.2.1.2) is geleë in die feit dat die ouer tot die basis van die kleuter se

belewenis op daardie oomblik kan deurdring. n Verdere voordeel hiervan is die feit dat hierdie tipe kommunikasie die verhouding tussen ouer en kind kan verbeter en bevorder. Die bestanddele van aktiewe luister kan op die blaaibord geskryf word.

#### STAP 4:

Ouers kan ná hierdie bespreking weer bogenoemde oefening doen, maar hierdie keer deur aktiewe luister toe te pas.

#### STAP 5:

Gebruik voorbeelde by kleuters

Byvoorbeeld:           Hoekom is Oupa dood? Ek wou nog met hom speel.  
                                  As Pappa kwaad is, hardloop ek sommer weg.

Ouers kan hul reaksie op bogenoemde voorbeelde op papier aanbring.

#### STAP 6:

Samevattend: Aktiewe luister gaan nie daaroor of ouer saamstem nie, maar dat hul kleuter se gevoelens aanvaar en begrip daarvoor toon. Aktiewe luister verg gereelde oefening.

### **4.3.3.5 Aktiwiteit 2**

#### STAP 1:

Dit is soms nodig dat ouers ook vir kleuters sal sê hoe hulle iets ervaar. Ek-boodskap word geformuleer deur begrip, gevoel van ouer, gedrag van kind, en gevolge (sien 2.4.2.1.4).

#### STAP 2:     INLIGTING AAN OUERS

Hoekom is dit so belangrik? Dikwels val die ouers die kind as persoon met woorde aan deur te sê dat hy stout ens is eerder as om op die gedrag te fokus. Dit is belangrik om op



gedrag te fokus, aangesien die kleuter, indien hy herhaaldelik persoonlik aangeval word, later begin glo dat hy as mens sleg is.

STAP 3:

Oefeninge rondom die ek-boodskap kan gedoen word deur ouers se voorbeelde uit hul eie unieke situasies te neem.

#### **4.3.3.6 Aktiwiteit 3**

STAP 1: INLIGTING AAN OUERS

Kommunikasie na aanleiding van 'n kind se kreatiwiteit word ook as belangrik beskou (sien 2.4.2.2 oor die rol wat ouers kan speel in hul reaksie teenoor 'n kunsskepping van die kleuter).

#### **4.3.3.7 Evaluering**

Vir voorgestelde wyse waarop dit gedoen kan word, sien 4.2.

### **4.3.4 Werkswinkel vier: Emosies**

#### **4.3.4.1 Inleiding**

Indien emosies naamloos bly, kan dit baie bedreigend wees, nie net vir kleuters nie, maar ook vir volwassenes. Dit is dus belangrik dat die ouer die kleuter sal begelei om sy emosies te herken en 'n naam te gee.

#### **4.3.4.2 Uitkomst vir die werkswinkel**

- Om ouers tot insig te bring in die belangrikheid van die gebruik en aanleer van 'n gevoelstaal vir die kleuter;
- Om ouers in kontak te bring met die hantering van hul eie emosies.

#### **4.3.4.3 Voorbereiding en hulpmiddels**

- Papier en pen vir elke ouer;
- Afskrifte van vraelys soos aangetref by Bylaag 3 rondom ouers se gemaklikheid/ongemaklikheid met hul eie emosies;

#### **4.3.4.4 Aktiwiteit 1**

STAP 1: Ouers voltooi die vraelys (Bylaag 3) individueel.

STAP 2: Terugvoer na aanleiding van hul ervaring rondom die invul van bogenoemde vraelys. Wat het hul van hulself ontdek?

STAP 3: Hoe beïnvloed hul belewing en denke rondom hul eie emosies hul opvoedingstaak? Dit wil sê, wat leer hulle hul kleuters oor emosie by hulle?  
(*Ouers bespreek dit twee-twee met mekaar*)

STAP 4: Hoe hanteer hulle hul kleuter se uitdrukking van emosie?  
(*Ouers bespreek dit twee-twee met mekaar*)

#### **4.3.4.5 Aktiwiteit 2**

## STAP 1: INLIGTING AAN OUERS

Selfondersteuning of selfkoestering is 'n konsep in Gestaltherapie wat as deel van die terapeutiese proses benut word (sien 3.2.9). Net soos wat die ouer nodig het om 'n selfondersteuningsaktiwiteit te hê, is dit ook nodig dat die ouer sy kleuter geleentheid hiervoor sal gee deur die kleuter te leer hoe om homself deur middel van 'n lekker of spesiale aktiwiteit te ondersteun. Hierdie selfondersteuning mag natuurlik nooit ouerlike aandag en liefde vervang nie. Dit kan egter dien as aanmoediging tot selfkoestering.

STAP 2: Vra vir die groep wat hulle metodes van self-koestering is.

STAP 3: Vra vir ouers wat hul kleuter se gunsteling-aktiwiteit is.  
Aanmoediging om ook vir kleuter geleentheid te gee tot selfkoestering.

### ***4.3.4.6 Evaluering***

Vir voorgestelde wyse waarop dit gedoen kan word, sien 4.2.

## **4.3.5 Werkswinkel vyf: Straf en dissipline**

### ***4.3.5.1 Inleiding***

Die navorser beskou straf en dissipline as 'n integrale deel van die opvoeding van kinders. Afgesien van die feit dat dissipline kinders help om sekere lewenswaardes aan te leer, gee dit vir hulle ook gevoel van veiligheid.

### ***4.3.5.2 Uitkomst vir die werkswinkel***

- Om ouers bloot te stel aan alternatiewe metodes van straf;
- Om ouers gerus te stel dat herhaling in die kleuterfase normaal is.

#### **4.3.5.3 Voorbereiding en hulpmiddels**

- Blaai bord;
- Aanbieder moet hom vergewis van 2.4.1.3 (straf en dissipline) en spesifiek die alternatiewe strafmetodes;
- Aanbieder moet hom vergewis van 3.2.2.1 en 3.3.3 wat handel oor introjeksies
- en semantiese opklarings.

#### **4.3.5.4 Aktiwiteit 1**

##### STAP 1: INLIGTING AAN OUERS

Bepaal wat die groep van lyfstraf as strafmetode dink. Wat dink hulle is die positiewe en negatiewe aspekte hiervan. *Skryf dit op 'n blaaibord neer.*

##### STAP 2: INLIGTING AAN OUERS

Die aanbieder bespreek die negatiewe gevolge van lyfstraf soos in 2.4.1.3 uiteengesit.

##### STAP 3: INLIGTING AAN OUERS

Verduidelik die alternatiewe metodes van straf (sien 2.4.1.3).

Die gevaar bestaan dat sommige ouers lyfstraf as enigste strafmetode beskou. Daar bestaan egter alternatiewe metodes wat oor die lang termyn beter vir die kind is.

##### STAP 5: INLIGTING AAN OUERS

Wanneer ouers dissiplineer, of selfs sekere waardes wil oordra, is dit belangrik dat dit verduidelik word, anders kan introjeksies ontstaan (sien 3.2.2.1 en 3.3.3).

#### **4.3.5.5 Aktiwiteit 2**

##### STAP 1:      BESPREKING VAN ALTERNATIEWE INLIGTING AAN OUERS

Indien daar aspekte is wat ouer tot raserny dryf, gaan kyk na alternatiewe, dit wil sê hoe kan ek as ouer die situasie verander sodat die gedrag verminder of voorkom kan word. Die volgende voorbeeld wat deur die navorser in die praktyk ervaar is, kan aan die groep verduidelik word. Byvoorbeeld: toe die navorser n groep ouers oor woedebuie ( *temper tantrums* ) moes gaan toespreek, het ook ander aspekte na vore gekom. Een mamma het byvoorbeeld gekla oor haar drie kinders wat agter in hul luukse motor sit en stry soos wat sy bestuur. n Alternatief: laat een van hulle voor sit. Ander mamas het weer kinders wat slegs sekere klere (byvoorbeeld dit wat stukkend of te klein is) wil aantrek of n klomp keer op n dag aantrek. Alternatiewe: sorteer klere sodat dit nie meer in die kas gepak hoef te word nie. En tweedens: Gee vir kind byvoorbeeld een dag in week om n klomp kere aan te trek. Dit kan alternatiewe wees vir situasies wat eie is aan die kleuter se ontwikkelingsfase.

#### **4.3.5.6 Afsluit en evaluering**

Om n ouer te wees bly vir die navorser die grootste verantwoordelikheid waarmee persone gekonfronteer word. Die navorser besef dat riglyne soos in hierdie program vervat, dikwels volgehoue oefening deur die ouers vereis. Dit is n alternatiewe manier van doen wat soms meer geduld verg.

##### SKRIFTELIKE EVALUERING DEUR OUERS

Die totale proses (die totale vyf werkswinkels) kan deur ouers geëvalueer word. Die evalueringsvorm is as Bylaag 4 aangeheg.

## 5. SAMEVATTING

Die resultate van die vraelyste wat deur ouers voltooi is, is in hierdie hoofstuk bespreek. Dit blyk dat die ouers wat hierdie vraelyste voltooi het, wel 'n behoefte aan meer inligting rondom die opvoeding en die unieke ontwikkelingsfase van hul kleuter(s) verlang. Die inhoud van die prototipe Gestaltbegeleidingsprogram asook riglyne vir die aanbieding daarvan, is ook in hierdie hoofstuk uiteengesit. Vervolgens sal die aanbevelings en gevolgtrekkings na aanleiding van hierdie ondersoek in Hoofstuk 5 aandag geniet.

# HOOFSTUK 5

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

Die kleuter ontwikkel nie net op liggaamlike gebied vinnig nie, maar die ontwikkeling wat op affektiewe, persoonlikheids-, kognitiewe en morele gebiede plaasvind, is ewe belangrik. Belangrike persone wat veral 'n rol speel in die kleuter se affektiewe, persoonlikheids- en morele ontwikkeling speel, is die ouers van die kind. 'n Gestaltbegeleidingsprogram is ontwikkel wat die ouer ondersteun deur middel van die verhoging van bewustheid, die verskaffing van inligting asook die gee van leiding in die hantering van die kleuter.

### 5.2 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSING

In hierdie ondersoek is daar onderneem om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers van kleuters te ontwikkel met die oog op die optimale ontwikkeling van kleuters. Met die oog om die ouerskapstyle en behoeftes van ouers van kleuters te verken, is 120 vraelyste aan drie versorgingsoorde versend. Uit die terugvoer na aanleiding van die vraelyste, maar ook die literatuurstudie, is 'n prototipe Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers ontwerp.

#### 5.2.1 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van die studie was om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers daar te stel sodat hulle toegerus kan word om by te dra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s). Die Gestaltbegeleidingsprogram as prototipe is wel ontwerp, maar as gevolg van die feit dat hierdie studie die intervensiemodel slegs tot by Stap 1 van Fase 4 benut, is dit nog nie getoets nie. Gevolglik kon daar nog nie bepaal word of hierdie prototipe wel optimale ontwikkeling by kleuters sal teweeg bring nie. Daar word van die veronderstelling

uitgegaan dat, indien ouers die inhoud van die prototipe op deurlopende vlak toepas, dit wel in bydrae kan lewer tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s).

### **5.2.2 Doelwitte**

Die doelwitte van die studie was eerstens om die literatuur te verken ten einde inligting te verkry oor die kleuter, sy ontwikkeling en die Gestaltbenadering. Hierdie doelwit is wel bereik en word dit vervat in Hoofstuk 2 en 3 van hierdie verslag. Die tweede doelwit het gehandel oor inligting wat by ouers bekom moes word oor hul ouerskapstyl en behoeftes as ouers. Hierdie doelwit is wel bereik deur middel van 'n vraelys wat deur ouers van kleuters voltooi is. Die vraelys het bestaan uit vrae wat gestel is om ouers se houding teenoor hul kleuter se ontwikkeling, kommunikasie tussen ouer en kind, asook die ouers se dissipline-styl te bepaal. Die tweede deel van die vraelys het gehandel oor die ouers se behoeftes in die hantering van die kleuter. Die derde doelwit was om die prototipe Gestaltbegeleidingsprogram te ontwikkel. Hierdie program is in Hoofstuk 4 vervat.

### **5.3 GEVOLGTREKKINGS**

Vanuit hierdie studie het die navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- die navorser het tydens die literatuurstudie ondervind dat daar baie inligting beskikbaar is rondom die unieke ontwikkelingsdinamika van die kleuter, asook praktiese wenke vir ouers rondom die opvoeding van kinders;
- alhoewel dit belangrik is dat die ouer bewus gemaak en ingelig word oor hul metodes van ouerskap deur middel van 'n ouerbegeleidingsprogram, word dit as ewe belangrik beskou dat hulle nuwe kennis en/of vaardighede sal toepas in hul interaksie en opvoeding van hul kleuter(s);
- kleuters verskil van mekaar as gevolg van hul temperament en omgewing. Hierdie program het beoog om voorsiening te maak vir veranderlikes met betrekking tot die gedrag van kleuters en die hantering daarvan deur die ouers;



- na aanleiding van die terugvoer van ouers deur middel van vraelyste (sien 4.2), het al 32 ouers (100%) aangedui dat hulle wel belangstel om meer rondom hul kind se leefwêreld en ontwikkeling te weet. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat daar wel by ouers 'n behoefte aan 'n ouerbegeleidings-program bestaan.

## 5.4 AANBEVELINGS

Die navorser maak die volgende aanbevelings:

- aangesien die prototipe ontwikkel is, maar nie toegepas is nie, word aanbeveel dat die program getoets sal word;
- die navorser is van mening dat die vraelys wat benut is ook, aangepas kan word. Vraag 11, wat 'n aanduiding was oor watter belangrike les die ouer graag sy kind sal wil leer, word as onnodig beskou, aangesien dit nie werklik 'n weerspieëling van die ouer se behoefte(s) is nie;
- dis belangrik dat aanbieders wat hierdie program wil aanbied, agtergrond van die Gestaltbenadering sal hê;
- alhoewel die toepassing van verworwe kennis en houdings as vanselfsprekend beskou word, kan huiswerk wat verband hou met die inligting van die spesifieke werkswinkel, vir ouers gegee word. Sodoende word 'n praktiese element ingebou wat ná elke werkswinkel by die ouerhuis kan plaasvind;
- persone wat hierdie program wil aanbied, moet verkieslik persone wees wat kennis het van gesinne, ouerbegeleiding en die ontwikkelingsdinamika van kleuters, soos maatskaplike werkers of sielkundiges;
- aanbieders moet steeds die veranderlikes van groeplede in ag neem en die program daarvolgens aanpas;
- 'n opvolg-werkswinkel behoort ná die afhandeling van die eerste vyf werkswinkels aangebied te word. Die doel hiermee is terugvoer van ouers om te bepaal watter invloed die toepassing van nuwe vaardighede op die ontwikkeling van die kleuters het.

## 5.5 TEN SLOTTE

Geen formele opleiding vir ouerskap bestaan nie. Die navorser is van mening dat ouerskap een van die verantwoordelikste beroepe is wat bestaan. Alhoewel daar van geen ouer verwag word om perfek of alwetend te wees nie, mag kennis oor die leefwêreld en ontwikkeling van die kleuter bydra tot die optimale ontwikkeling van die kleuter deurdat die ouer meer kennis en gevolglik meer begrip vir die kind openbaar. Die waarde van hierdie studie is juis daarin geleë dat die prototipe Gestaltouerbegeleidingsprogram as toerusting gebruik kan word om ouers te ondersteun in die hantering van hul kleuter(s). Indien die ouer meer kennis inwin, mag die toepassing daarvan in ouer/kind-interaksie die volgende positiewe uitkomstê hê:

- optimale ontwikkeling van die kleuter;
- n positiewe ouer-kind-verhouding;
- n kind met n positiewe selfwaarde;
- n kind wie se emosies erken word en deel is van sy alledaagse lewe sonder om skuldig daarvoor te voel.

# BIBLIOGRAFIE

ARONSTAM, M. 1989. *Gestaltterapie*. In Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Geredigeer deur D.A. LOUW. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

BABBIE, E. 1998. *The practice of social research (eighth edition)*. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

BLUGERMAN, M. 1986. *Contributions of Gestalt Theory to Social Work treatment*. In Social Work Treatment. Geredigeer deur F.J. TURNER. New York: The Free Press.

BLOEM, C.H.M. 1995. *Kontakbegeleiding vanuit 'n Gestaltterapeutiese benadering vir ouers en voorskoolse kinders: 'n Maatskaplikewerk perspektief*. Ongepubliseerde Magister-skripsie, Universiteit van Pretoria.

BOTHA, A., VAN EDE, D.M., LOUW, A.E., LOUW, D.A. & FERNS, I. 1998. *Die Kleutertydperk*. In Menslike Ontwikkeling (derde uitgawe). Geredigeer deur D.A LOUW. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

CARDWELL, M. 2000. *The complete A - Z Psychology handbook (second edition)*. Londen: Hodder & Stoughton.

COREY, G. 1990. *Theory and Practice of Group Counseling (third edition)*. California: Brooks/Cole Publishing Company.

DE VILLIERS, M., SMUTS, J. & EKSTEEN, L.C. 1982. *Nasionale Woordeboek: Afrikaanse woordverklaring*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

DU TOIT, S.J. & KRUGER, N. 1991. *Die Kind: n Opvoedkundige perspektief*. Durban: Butterworths.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions (second edition)*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DE VOS, A.S. 1998. *Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

DRESCHER, J. 1989. *Wat kan ek van my kind verwag?: n Praktiese gids vir ouers*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

FOUCHÉ, C.B. 2002. *Problem formulation*. In *Research at grass roots for the social and human service professions*. Geredigeer deur A.S. DE VOS. Pretoria: Van Schaik Publishers.

HAYS, N. 1993. *A first course in Psychology (third edition)*. Brittanje: Thomas Nelson and Sons Ltd.

HETHERINGTON, E.M. & PARKE, R.D. 1993. *Child Psychology: a contemporary viewpoint*. USA: McGraw-Hill Inc.

HUMPHREYS, T. 2002. *Self-esteem: The key to your child s future*. Dublin: Newleaf.

JACOBS, L.J. & RAATH, M.C. 1990. *Dinamiek van die selfkonsep*. Pretoria: Academica.

KAISER, A.P. & HANCOCK, T.B. 2003. *Teaching parents new skills to support their young children s development* . <http://depts.washington.edu/isei>.

(besoek Maart 2004)

KATZ, L. *How can we strenghten children s self-esteem .*  
<http://www.kidsource.com/kidsource/content3/caregiver.n.p.t.2html>. (besoek op 14  
September 2002)

KITCHING, A. 2000. *Die 4 x 4 avontuur van ouerskap: die uitdaging van kindersgrootmaak*. Kaapstad: Lux Verbi:BM.

KREBS, C.J. *Coping with temper tantrums*  
<http://www.all-babynkids.com/a13.htm>. (besoek September 2002)

LOUW, D.A., LOUW, A.E. & VAN EDE, D.M. 1998. *Menslike Ontwikkeling (derde uitgawe)*. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

LOUW, D.A. 1989. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

LOUW, D.A. 1990. *Menslike Ontwikkeling (tweede uitgawe)*. Pretoria: Haum-Tersiêr.

LOUW, D.A., SCHOEMAN, W.J., VAN EDE, D.M. & WAIT, J. 1990. *Die middelkinderjare*. In *Menslike Ontwikkeling (tweede uitgawe)*. Geredigeer deur D.A. LOUW. Pretoria: Haum-Tersiêr.

LORENZ, B.E. *How to deal with your child s temper tantrums*  
<http://www.heptune.com/tantrum.html>. (Besoek September 2002)

LOMBARD, A. 1991. *Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling: perspektiewe op mensontwikkeling*. Pretoria: HAUM.

RAATJES, M. & SCHWARTZ, L. 1993. *Psychology Development of Behaviour, Self and others*. Australië: Edward Arnold Australia.

MOTSHUMI, M.P. & BOTHA, D. *Guidelines for writing a research proposal/design*. Social Work Practice/Maatskaplike Werk Praktyk, 1991(3): 18 - 23.

MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 1998. *Ontwikkelingsteorieë*. In Menslike Ontwikkeling (derde uitgawe). Geredigeer deur D.A. LOUW. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 1990. *Ontwikkelingsteorieë*. In Menslike Ontwikkeling (tweede uitgawe). Geredigeer deur D.A. LOUW. Pretoria: Haum-Tersiër.

OAKLANDER, V. 1978. *Windows to our children*. Utah: Real People Press.

OAKLANDER, V. 1988. *The relationship of Gestalt therapy to children*. The Gestalt Journal, V(1):64 - 74.

PHILLIPSON, P. 1998. *A Map of Gestalt Therapy* . Manchester Gestalt Centre. Onttrek 17 April 2000 van World Wide Web . <http://www.mgestalt.force9.co.uk/article21.html>.

PHILLIPSON, P. 1998. *Dialogue and experiment* . Manchester Gestalt Centre. Onttrek 17 April 2000 van World Wide Web . <http://www.mgestalt.force9.co.uk/article23html>.

ROOS, D. & VLOK, M. 1985. *Geniet jou kind tydens die voorskoolse jare*. Pretoria: J.P. Van der Walt en Seun (Edms.) Bpk.

SCHOEMAN, J.P & VAN DER MERWE, M. 1996. *Entering the child s world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

SCHOEMAN, J.P. 1999. *Aanvangskursus in Speltherapie*. Gansbaai: Sentrum vir Speltherapie en Opleiding.

SCHOEMAN, J.P. 2000. *Gevorderde Kursus in Speltherapie*. Gansbaai: Sentrum vir Speltherapie en Opleiding.

SMIT, G.J. 1993. *Navorsing: riglyne vir beplanning en dokumentasie*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

STEINBERG, L. & BELSKY, J. 1991. *Infancy, Childhood and Adolescence development in context*. USA: McGraw-Hill Inc.

STRYDOM, H. 2002. *Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions*. In *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Geredigeer deur A.S. DE VOS. Pretoria: Van Schaik Publishers.

STRYDOM, H. 1994. *Maatskaplikewerk-navorsing*. Diktaat 172/94 vir MWK 311, Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies.

THOMPSON, C.L. & RUDOLPH, L.B. 1996. *Councelling Children*. California: Brooks/Cole Publishing Company.

TURNER, F.J. 1986. *Social Work Treatment*. New York: The Free Press.

VASTA, R., HAITH, M.M. & MILLER, S.A. 1999. *Child Psychology (third edition)*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

VAN DER MERWE, K. 1988. *Learning through play*. Kaapstad: Early Learning Resource Unit.

VAN JAARVELD, P. 1989. *Gee jou kind selfvertroue*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1990. *Gevallewerk: n Integreernde Benadering*. Pretoria: Academica.

WEEKS, F. 1998. *Certificate in Dealing with problem behaviour of children*. Module 1A. Pretoria: Unit for Training and Development, UNISA.

WELMAN, J.C. & KRUGER, S.J. 1999. *Research Methodology for the Business and Administrative Sciences*. Halfway House: International Thomson Publishing (Southern Africa).

WEYERS, M.L. 1991. *Bylae: Glossarium van enkele gemeenskapswerktegnieke*. In *Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling: perspektiewe op mensontwikkeling*. Geredigeer deur A. LOMBARD. Pretoria: HAUM.

YONTEF, G. 1993. *Gestalt therapy: An introduction* . <http://www.gestalt.org/yontef.htm>. (Onttrek 28 Januarie 2001)



# BYLAAG 1

Adderleystraat 228

OUDTSHOORN

6620

Telefoonnommer: 272 3660

082 380 4118

Datum: .....

Geagte Ouer(s)

Ondergetekende is tans by UNISA ingeskryf vir die graad Magister Diaconiologiae (Speltherapie). n Vereiste vir die voltooiing van hierdie studie is om n navorsingsverslag te voltooi.

Die titel van die ondersoek is: n *Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers om optimale ontwikkeling by kleuters te bevorder*. Dit handel oor die teoretiese kennis waaroor n ouer van n kleuter moet beskik om sy kind te verstaan, maar sal ook riglyne verskaf vir die hantering van n kleuter.

U is gekies omrede u kleuter hierdie betrokke pre-primêre skool bywoon. Deur hierdie vraelys te voltooi kan u behulpsaam wees om u unieke behoeftes van ouerskap van n kleuterkind bekend te maak.

n Vraelys ten opsigte van u ouerskapmetodes is aangeheg. Die beantwoording daarvan behoort u nie langer as 40 minute te neem nie. Geen persoonlike identifiserende besonderhede word benodig nie en sal u dus anoniem kan bly. Inligting sal streng vertroulik hanteer word en sal slegs gebruik word vir die doeleindes van hierdie navorsing.

Die waarde van die vraelys gaan afhang van u eerlike beantwoording van vrae.

Indien u insae wil hê in die finale navorsingsverslag, kan u my kontak en kan dit gereël word.

Dit sal waardeer word indien u die voltooide vraelys teen 7 Februarie 2003 by die persoon wat dit aan u verskaf het, kan aflewer.

By voorbaat dank vir u samewerking.

AMANDA ROETS  
NAVORSER

MEV. C. VAN WYK  
STUDIELEIER

# VRAELYS VIR OUERS VAN KLEUTERS

IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE:

Aantal kinders: .....

Ouderdom van kind(ers): .....

*LET WEL: Hierdie vraelys moet slegs voltooi word indien u n kind of kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar het.*

Beantwoord asseblief al die vrae so eerlik as moontlik!

## DEEL 1

1. Is u van mening dat u as ouer 'n rol speel in die ontwikkeling van u kind se selfbeeld?

(Merk die antwoord wat u kies)

J A

N E E

2. Veronderstel u kind vertel aan u iets wat met hom gebeur het. Hoe reageer u?

(Merk die een stelling wat u optrede *gewoonlik* beskryf.)

Val hom in die rede met dit wat ek van die saak dink. 1

Luister eers klaar voordat ek aan hom my mening gee. 2

Moedig hom aan om verder te vertel deur woorde soos "ja", "Mmm" of "O" te sê. 3

Ander: .....

3. Hoe reageer u wanneer u kind u reëls oortree het. (Merk die stelling wat die *meeste* van die tyd voorkom)

“Hoekom het jy dit gedoen?” 1

“Het jy nie ore nie? Ek het mos gesê jy mag dit nie doen nie!” 2

“Dit maak my regtig kwaad as jy so rondspring op die bed, want dit kan breek.” 3

Ander: .....

4. Hoe reageer u gewoonlik wanneer u kind sy gevoelens wys, byvoorbeeld as hy vir u as ouer kwaad raak? (Merk die stelling wat die *meeste* van die tyd voorkom)

Raas met hom daaroor 1

Vra wat fout is 2

Ignoreer hom 3

Ander: .....

5. Is u van mening dat kinders die reg het om gevoelens soos blydschap, hartseer, woede, jaloesie en ander te wys?

JA

NEE

6. Indien u ‘nee’ geantwoord het op Vraag 5, dui die rede daarvoor aan deur *een* van die volgende stellings te kies.

Kinders moet gesien en nie gehoor word nie. 1

- Die boompie moet gebuig word solank dit nog jonk is. 2
- Dit mag nie toegelaat word nie, aangesien dit nie toepassing van dissipline nadelig kan beïnvloed. 3

Ander: .....

7. Indien u 'ja' geantwoord het op Vraag 5, dui die rede daarvoor aan deur een van die volgende stellings te kies.

- Kinders moet hul gevoelens kan wys sodat hulle geleer kan word om dit nie te onderdruk nie. 1
- Die uiting van gevoelens is belangrik in die kind se huidige verhoudings, maar ook in sy latere volwasse verhoudings. 2
- Kinders het die reg om hul gevoelens te wys, selfs al is dit "slegte" gevoelens. 3

Ander: .....

8. Op watter manier moedig u kommunikasie met u kind aan?  
(Merk die antwoord wat die meeste van die tyd voorkom)

- Dit kom gewoonlik eerste van my kind se kant af. 1
- Ek vra hom uit na die dag se gebeure en wat hy gedoen het. 2
- Ek gesels gedurig met my kind oor allerhande dinge. 3

Ander: .....

## **DEEL 2**

9. Watter optrede van u voorskoolse kind is vir u moeilik om te begryp?

.....

.....

.....

10. Sou u belangstel om meer van u kind se leefwêreld en ontwikkeling te weet?

JA

NEE

Rede(s): .....

.....

11. Wat is die belangrikste les wat u graag vir u kind sal wil leer?

.....

.....

.....

**BAIE DANKIE VIR U GEDULD EN SAMEWERKING.**

## **BYLAAG 2**

### **Warm of Koue ouer**

**'n Warm ouer skep 'n klimaat waarin 'n kind liefdevol gekoester voel. Dié liefde word ook gedemonstreer deur fisieke aanraking. Sulke ouers aanvaar hulle kinders vir wat hulle is en skep 'n atmosfeer van veiligheid en geborgenheid waarbinne die kind maar foute mag maak, en die foute van die ouers ook openlik erken en verwerk word. Kommunikasie binne so 'n gesin is intens en gemik op die opbou van die kind, selfs wanneer dit oor negatiewe sake handel. Ouers en kinders geniet mekaar.**

**'n Koue ouer kommunikeer nie doelbewus 'n klimaat van liefde en aanvaarding nie (hoewel hulle dit dalk in hulle harte mag voel, weet die kind dit nie.) Die klem val meer op die negatiewe in die kind se gedrag, en minder op die kind se behoeftes. Kinders in so 'n huis voel dikwels verwerp omdat hulle gedurig deur die ouers gekritiseer word.**

### **Dominerende of toegeeflike ouer**

**'n Toegeeflike ouer stel min eise. Reëls word gebuig en oortredings word dikwels oorgesien. In so 'n huis het kinders baie vryheid en kan selfs besluite neem; hulle**

kry maklik hulle sin, en swak gedrag word verdra “ter wille van die vrede.” ‘n Dominerende ouer oorheers die verhouding tussen hom/haar en die kind. In so ‘n gesin het kinders weinig vryhede, want die ouers hou gedurig toesig en stel hoë eise. Mag of dwang word as dissiplinêre tegniek gebruik.

#### **Demokratiese of outokratiese ouer**

‘n Demokratiese ouer glo aan ‘n oop verhouding met die kind. Die kind word erken as iemand wat ‘n gelyke aandeel het in die verhouding. Die ouer is daarom bereid om die kind in te lig oor gesinsangeleenthede en hom/haar toe te laat om saam besluite te neem oor sake wat die hele gesin aangaan (vakansiereëlings, sakgeld, skenkings vir behoeftiges, ensovoorts.) Die kind mag ook oor ander sake sy/haar mening uitspreek en met die ouer redeneer. Dissipline is op oorreding eerder as op mag gebaseer. ‘n Fyn balans word tussen vryheid en gesag gehandhaaf. ‘n Outokratiese ouer vra “onvoorwaardelike gehoorsaamheid” van kinders. Geen teenspraak word geduld nie. Die kind word behandel as iemand wat nie in staat is om vir homself te dink nie. Gedrag word streng gekontroleer en daar is min ruimte vir kinders om hul eie gevoelens en wense te verwoord. Foute is onaanvaarbaar.

#### **Betrokke of onbetrokke ouer**

‘n Betrokke ouer leef met sy kind mee en toon belangstelling in en gee aandag aan die kind se doen en late. Soms is sulke ouers egter oorbetrokke en daarom oorbeskermd. Dan word die kind onnodig ingeperk en opgepiep eerder as opgevoed.



**‘n Onbetrokke of onverskillige ouer laat kinders aan hulself oor. Daar is geen belangstelling in wat die kind doen nie. Die ouer distansieer hom ook van die kind se optrede. So word die kind fisiek en emosioneel verwaarloos. Die onbetrokke ouer voed dus nie werklik op nie. Kinders in so ‘n huis moet maar self hulle weg deur die lewe vind.**

**(Kitching, 2000:29)**

## **BYLAAG 3**

Gebruik net waar (W) of vals (V):

(Omkring die antwoord wat u kies)

- |                                                                  |     |
|------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Ek is baie bewus van die verskillende emosies wat ek ervaar   | W/V |
| 2. Ek is verleë wanneer iemand vir my vra hoe ek voel            | W/V |
| 3. Woede is aanvaarbaar, solank dit onder beheer bly             | W/V |
| 4. Ek hanteer negatiewe emosies deur die positiewe te beklemtoon | W/V |
| 5. Om hartseer te voel is deel van die lewe                      | W/V |
| 6. Om te huil is ‘n mors van energie                             | W/V |
| 7. Ek mag sê as ek kwaad is                                      | W/V |
| 8. Volwasse mense onderdruk hulle emosies                        | W/V |
| 9. Kinders mag vir hul ouers kwaad word                          | W/V |
| 10. Ek is ongemaklik wanneer mense hul emosies wys               | W/V |

(Kitching, 2000:69)

## BYLAAG 4

Voltooi asseblief onderstaande vorm so eerlik as moontlik. Dit gee vir die aanbieder 'n idee van enige verandering wat aangebring kan word of indien die program net so kan bly. U mag die vorm anoniem voltooi.

1. Watter onderwerp het vir u as ouer die meeste beteken?

.....  
.....  
.....

2. Hoe het hierdie program u uitkyk op ouerskap anders gemaak/dieselfde gehou?

.....  
.....  
.....

3. Hoe het hierdie program u verhouding met u kind beïnvloed? Op watter wyse?

.....  
.....  
.....

4. Het hierdie program die wyse waarop u u kleuter hanteer, verander? Indien wel, op watter wyse?

.....  
.....  
.....

5. Wat sou u graag wou weglaat/byvoeg by hierdie program?

.....  
.....  
.....

6. Die aanbieding van hierdie program het op 'n sekere wyse plaasgevind. Wat sou u graag wil sien moet dieselfde bly of verander.

.....  
.....  
.....